waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 11/12, NOV./DES. 1999

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**REDAKSIONEEL**

# Profete-kerk

Wat verwag die Here van sy volk by die oorgang na die derde millennium? Hoe moet ons die gebeurtenisse in die jaar 1999 beoordeel? En wat van ons beplanning vir die komende jaar? Wat is ons prioriteite in die begin van die 21ste eeu en die derde millennium? Woorde soos 2 Timoteus 3:1 lei ons Oujaar-oorpeinsing in die regte koers. Daar staan geskryf: 'Weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom'.

Die laaste dae beslaan nie net 'n kort periode voor die terugkoms van die Here Jesus nie. Die tydperk van die laaste dae breek reeds met die uitstorting van die Heilige Gees aan. Toe word Moses se gebed van eeue gelede verhoor: 'Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee (Num 11:29). Toe gaan Joël se profesie in vervulling. Die apostel Petrus verkondig dit in sy pinksterpreek: God stort in die laaste dae sy Gees op die hele gemeente uit. Hy gee sy laaste heilsweldaad voor die jongste dag. Die effek daarvan? Seuns en dogters profeteer; jongmense sien gesigte, ou mense droom drome; diensknegte en diensmaagde profeteer (Hand 2:16-18).

Die oorgang na die jaar 2000 val in die laaste dae. Die uitstaande kenmerk van dié tydperk? Die kerk is profete-kerk. Jonk en oud,

> *Hulle laat die Skrif praat oor owerhede en onderdane, . . .*

werkgewer en werknemer, almal ken die Woord van die Here deur persoonlike Bybellees, ondersoek van die Skrif in die gesin, saam met broeders en susters in die kerk en veral deur die suiwer Woordbediening op elke rusdag. Profete luister konkreet, in vandag se omstandighede, na die Woord. Hulle laat die Skrif praat oor owerhede en onderdane, oor wetgewing, vakbonde (werkgewers en werknemers), oor opvoeding en onderwys, oor regverdige en onregverdige oorloë, oor mans en vroue in hulle verhoudinge, kortom: oor die hele lewe. Die Here se gesag is nie tot hulle binnekamer en kerklike lewe beperk nie. Die volk van God profeteer op die strate van die groot stad, sê Openbaring 11:8. Let wel: op die strate. Hulle laat God se Woord in die alledaagse dinge en gebeurtenisse hoor.

Die Here stel aan sy volk en aan elkeen persoonlik die vraag: Was julle in woord en daad my profete-kerk? En: Wat het jy gedoen met jou profetiese amp in my diens?

Die eerste vraag in die terugskou oor die afgelope jaar is: Wat het ek in 1999 onderneem om die kennis van die Woord te vermeerder en te verdiep? Wat het ek onderneem in die teologiese klaskamer, op die preekstoel, op huisbesoek, in die gesin, saam met broeders en susters, in die pers, persoonlik? Het ek eredienste getrou bygewoon en daar die lewende verkondiging van die Woord gesoek? As daar tekorte is, bely ek dié sonde? Wat onderneem ek in die jaar 2000 oor toename van my kennis van God en sy Woord?

Die tweede vraag in die Oujaar-oorpeinsing: Hoe het ek as profeet in die verbygegane tyd opgetree? Het ek die wil van God aan myself en aan ander voorgehou? En het ek dit gedoen in die hele lewe? Die Here laat almal, ook ons jongmense, afvra in hoeverre hulle profete was, ook in die omgang met mekaar.

En die derde vraag: Wat het ons saam in die verlede gedoen om Gods Woord op die strate van die stad, in die openbare lewe, uit te dra? Wat van skriftuurlike politiek, onderwys ooreenkomstig ons doopbelofte, 'n op Skrif en belydenis gegronde pers teenoor die bestaande sensasiepers, 'n Bybels gegronde vakbeweging ensovoorts? Is en word die stem van die Here op die strate van die stad in die ou en nuwe Suid-Afrika genoegsaam gehoor? Daar is talle vrae waarop ons met skaamte moet antwoord: Here, ons is nog ver van waar U ons wil hê.

Ons wens ons lesers, ons afgevaardigdes na die sinode, ons lidmate, en al die ware gelowiges in die wêreld, 'n geseënde oorgang na die derde millennium toe. Met die bede dat elkeen persoonlik en almal saam hulle mag beywer om kerk van die laaste dae te wees, profete-kerk wat die Woord van die Here in die hele lewe uitdra. Tot eer van sy Naam.

Neem asseblief kennis van mededelings van administrasie op bladsy 13

**INHOUD**

1 **Redaksioneel** *Profete-kerk*
2 **Skrifoordenking** *Brood van die lewe* Ds SJMS Smit
3 **By die Christus-fees** *Christus kom te midde van trane om ons trane af te droog* Prof GJC Jordaan
5 **Fokus** *Virtuele teologie* Ds ALA Buys
6 **Op die kerkerf** *'Kunslig' teenoor skriflig* Dr JG Meijer
10 **Aktueel** *Gesag in die krisis (3) Die wettige owerheid* Prof B Holwerda
11 *Die Heilige Gees en ons (1)* Dr JG Meijer
14 **Uit die verlede** *Die pastor van die president* Ds JM van Tonder
15 *Oorlogsmerk op die Gereformeerde Kerke* Ds JM van Tonder
15 *Die Pentateug onder Skrifkritiek* Prof JD du Toit
16 **Redaksie** *Ons eerste lustrum*
17 **Mediese etiek** *Die geskiedenis van die begrawe en kremasie van die menslike liggaam II* Dr JM Boon
19 **Persskou**
- *Die uitwissing van God op die kansel*
- *Wat preek ons: is dit Christus alleen?*
- *Die heelal is 'n kristalbal . . .*
- *Druk op prediking*

Ds GJ Meijer

**Ds SJMS Smit**
Oos-Moot

**SKRIFOORDENKING**

# Brood van die lewe

**Johannes 6:11a, 47-48**

***En Jesus het die brode geneem, en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die dissipels en die dissipels aan die wat daar sit ... Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. Ek is die brood van die lewe.***

In 'n reeks van drie oordenkings kyk ons hoe die brood op die nagmaalstafel beland en watter betekenis dit saambring. In die vorige oordenking is stilgestaan by die pasgabrood. Pasgabrood is teken van die HERE se verbondsbeloftes, van sy verbondseëninge en sy verbondswraak.

In Johannes 6:4 lees ons dat die Pasga, die fees van die Jode, naby is! Met die naderende Pasga is die meeste Joodse huishoudings se aandag op die brood toegespits.

'n Paar dae voor die tyd begin hulle om, getrou aan die wet, alle suurdeeg uit die huise te verwyder.

Wat hulle aandag nog meer by die brood van Pasga bepaal het, was hulle verlange na 'n tweede Moses en 'n tweede Eksodus om hulle van die juk en verdrukking van die Romeinse ryk te bevry.

En dan...onderwyl hulle aandag by die brood is, dan doen Jesus 'n teken, 'n wonderwerk voor die oë van die skare wat Hom gevolg het oor die tekens wat Hy gedoen en die siekes wat Hy gesond gemaak het. Dit is kort voor Pasga! Jesus vermeerder **die brood**!

Hy gee die teken met die brood nie net om hulle kos te gee nie. Hy gee die teken om Homself aan hulle te openbaar! Terwyl hulle aandag by die Pasga, paaslam, pasgabrood is, terwyl hulle terugdink aan die bevryding uit Egipte, en moontlike bevryding uit hulle verdrukking, en hulle fisiese situasie daar, hulle honger... trek Hy hulle aandag af van die komende Pasga, en vestig hulle aandag op Hom!

Hy berei die skare (en sy dissipels) voor op God se voorbereiding van die Paaslam vir hulle, op God se voorbereiding op die groot Pasga, as Jesus aan die kruis Homself as ewige Paaslam gaan offer!

Jesus vermeerder die brood!

Met hierdie teken openbaar Hy dat daar by **Hom** brood in oorvloed is, dat Hy in **al** hulle nood kan voorsien! En met hierdie teken wil Hy sy **geloof**waardigheid bevestig. Hy wil hê dat hulle in Hom sal **glo**!

Jesus verklaar self wat sy bedoeling met die teken is as Hy die volgende dag in die sinagoge in Kapernaüm preek! Dan verduidelik Hy die teken van die vermeerdering van die brood! Nie net beskik Hy oor goddelike krag om die elemente te beheer nie; nie net kan Hy honger stil nie; nie net is daar by Hom fisiese brood in oorvloed nie... Hy is self die brood van die lewe! Hy is die lewende brood wat die Vader uit die hemel aan die wêreld gee sodat hulle wat in Hom glo die bevryding kan hê, wat hulle nodig het om die ewige lewe as onverwelkbare kroon te ontvang! Jesus verklaar self in sy preek: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo het die ewige lewe! Ek is die brood van die lewe!

Is dit nie treffend nie! Tussen die pasgabrood en die nagmaalsbrood staan Jesus Christus. Hy openbaar: "Ek is die brood van die lewe!"

In die tyd wat ons weer (tradisioneel) die geboorte van ons Here Jesus herdenk is dit die waarheid waaraan ons opnuut kan vasgryp en vashou. Wie in die geloof na Christus toe kom, sal nooit honger kry tot in ewigheid nie, want by Hom is daar brood in oorvloed, ja meer nog, Hy **is** die brood van die lewe! Ons is hier in Johannes 6 by 'n belangrike Godsopenbaring tussen Pasga en nagmaal! Christus **vermeerder** die brood en Christus **is** die brood van die lewe!

Dit is 'n belangrike Godsopenbaring waaraan ons elkeen moet vashou, nie *asof* ons lewe daarvan afhang nie, maar *omdat* ons lewe daarvan afhang. 'Voorwaar, voorwaar ek sê vir julle, wie in MY glo, **het** die ewige lewe; **Ek is** die brood van die lewe!'

Dit is 'n Godsopenbaring vir eendag maar dit is ook 'n Godsopenbaring vir nou!

Jou geloofsbelydenis in Jesus Christus as Seun van God, as brood van die lewe, verseker jou dat jy eendag geregverdig voor God, in die regte verhouding met God gestel, vry van sy toorn oor jou sonde, bevry van sy verbondswraak, die ewige lewe sal ingaan om aan te sit aan die bruilofsmaal van die Lam! Dit is 'n groot troos! Dit is ons **enigste** troos! Nie net vir eendag nie, ook vir nou!

Ons kan nou reeds die begin van die ewige vreugde in ons hart ervaar. Nou al, in die gemeenskap van die heiliges, in die gemeente, aan wie Christus nie net eendag die ewige lewe gee nie, maar nou al oorstort met soveel ryke skatte en gawes. Geestelike gawes, Woordbediening, verbondsonderrig, 'n ouderling wat jou besoek en vertroos en versterk en vermaan, op pad na die ewige lewe toe... Maar hier is ook nou in die liggaam van Christus materiële gawes. Christus wat by magte is om brood te vermeerder, is ook by magte om deur die diens van sy diakens jou fisies en materieel te versorg sodat jy nooit gebrek sal hê nie, ja letterlik, sodat jy, wat geregverdig is deur jou geloof in Christus, nooit verlate sal wees of brood sal soek nie!

> *. . . hier is ook nou in die liggaam van Christus materiële gawes.*

Hierdie werklikheid plaas 'n enorme verantwoordelikheid op die gemeentes, op elke diaken, op elke ouderling, op elke ampsdraer van Christus, om die beloftes van Christus ook aan ons broeders en susters waar te maak. Christus se woorde (volgens Matteus se geïnspireerde beskrywing van die gebeure) klink ook nog in ons ore: Gee **julle** vir hulle om te eet! Sodat hulle kan deel in die oorvloed van brood wat Christus met sy koms na hierdie

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 60 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

aarde vir ons vermeerder het!

Hierdie opdrag kom opnuut na ons toe rondom hierdie Kersseisoen: **Ons moet glo**! Volhard in die geloof, enduit! Ons moet ons geloofsbeloftes wat ons aan God gemaak het, nakom! Een van die beloftes is dat jy die bediening van die Woord- en sakrament-bediening **ywerig** sal soek!

Soek dit dan ywerig!

Dit is daar waar Christus sy broodvermeerderingswonders doen; daar word jou geloof , jou kleingeloof, jou jong geloof, jou wankelende geloof, gevoed en versterk deur die werking van die Heilige Gees met die middels van Woord- en sakrament--bediening!

Soek die erediens ywerig, met al jou ywer, want daar is Christus, Die brood van die lewe, en by Hom is daar brood in oorvloed.

In die nagmaal eet ons, ter versterking van ons geloof, brood! Pasgabrood wat teken is van God se verbondsbeloftes en sy verbondswraak. Pasgabrood wat nie vermeerder is nie. Pasga wat wel deur die hand van Jesus Christus, die brood van die lewe, verander is in nagmaalsbrood! Brood met 'n belofte: 'Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe! Ek is die brood van die lewe!'

---

**BY DIE CHRISTUS-FEES**

# CHRISTUS KOM TE MIDDE VAN TRANE OM ONS TRANE AF TE DROOG

**Prof. GJC Jordaan**, Potchefstroom

***Toe is vervul wat deur Jeremia, die profeet, gespreek is toe hy gesê het: 'n Stem is in Rama gehoor; rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beween haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie.***

Matteus 2:17-18; Skriflesing: Matteus 2

Kersfees word gewoonlik beleef as vreugdetyd. En so hoort dit ook. Kersfees is die tyd van die jaar om in vreugde te jubel oor die geboorte van Jesus, die Seun van God, die Christus, ons Verlosser. Maar hier in Matteus 2 lees ons dat sy geboorte in werklikheid op trane uitgeloop het. In Betlehem gaan 'n rouklag op oor die kindermoord wat Herodes laat pleeg het. Ja, die geboorte van die kind Jesus lei tot die dood van honderde klein kindertjies in Betlehem.

Hoe moet ons hierdie droewige afloop van Jesus se geboorte-geskiedenis verstaan? Jesus is gebore om **lewe** te bring. Tog lei sy geboorte tot die **dood** van talle kindertjies. Buitendien: Hoe kan die onreg wat onskuldige babatjies aangedoen is, ooit geregverdig word? Herodes se verwerplike motiewe kan 'n mens nog verstaan. Maar hoe kon God so-iets toelaat? Was dit dalk 'n vals noot wat per ongeluk in die geskiedenis gedruk is?

Hoegenaamd nie. In Matteus 2:17-18 leer die Heilige Gees ons dat die kindermoord **moes** gebeur. Dit was immers die vervulling van 'n profesie wat Jeremia eeue tevore uitgespreek het: *''n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beween haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie'.*

En nou moet ons goed begryp: Die vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë was nie maar net 'n blote **noodwendigheid** nie. Dit was ook **verklarend**. Met ander woorde: Die kindermoord het nie maar net gebeur omdat dit eeue tevore so geprofeteer was nie. Nee, die profesie was uitgespreek sodat die kindermoord eeue later verstaan sou word. Dit wil sê dat Jeremia se profesie 'n verduideliking gee waarom die kindermoord gebeur het. Daarom moet ons nagaan wat sy profesie presies behels het.

## Trane oor die ballingskap

Jeremia het sy profesie gebring in die tyd toe Israel en Juda in ballingskap was. Ons lees hierdie profesie van Ragel se rouklag in Jeremia 31:15. Die rede vir haar rouklag is oor niks anders nie as dat die volk in ballingskap weggevoer is na Assirië en Babilonië.

Jeremia beskryf die volk as kinders van Ragel, omdat Ragel as lieflingvrou van Jakob 'n stammoeder van die volk Israel was. Ragel ween oor haar kinders, sê Jeremia. Daarmee bedoel hy dat die hele volk - die tien stamme van Israel en ook die twee stamme Juda en Benjamin - in diepe rou verkeer omdat hulle uit hulle land weggevoer is. Die land is immers die land wat die Here aan hulle gegee het, die land van belofte. Maar Ragel se kinders is uit die land weggevoer. Hulle is 'nie meer daar nie'. Daarom huil Ragel troosteloos. Sy is beroof van haar kinders en van haar kinders se toekoms. Die beloofde land met al die beloftes wat die Here daaraan verbind het, is hulle kwyt. 'n Volk sonder toekoms. 'n Hopelose toestand.

Maar as 'n mens Jeremia 31 in sy geheel lees, word dit duidelik dat Ragel so troosteloos huil omdat sy teen die onmiddellike omstandighede vaskyk. Sy sien die volk se ballingskap net van een kant af - van die mens se kant. En menslik beskou, **was** die volk sonder toekoms. Hulle vyande het hulle as ballinge weggevoer juis om die volk tot niet te maak. Menslik gesproke was dit klaarpraat met die volk van die Here.

## Die aanslag van Satan

Maar daar was nog twee ander kante, twee minder sigbare kante van die ballingskap. Eerstens moet ons onthou dat daar agter die Assiriërs en Babiloniërs kragte aan die werk was wat groter was as hulleself. Die mag van die duisternis, Satan self, wou die volk vernietig omdat hulle Gòd se uitverkore volk was. Satan rig sy vyandskap teen alles wat aan God behoort. Daarom het hy die wêreldmagte ingespan om Israel en Juda ten gronde te rig.

Dit gaan nog verder. Satan se vyandskap is eintlik teen Christus gerig. Omdat God uit die staanspoor duidelik gestel het dat Christus uit hierdie volk gebore sou word, daarom was dit vir Satan absoluut noodsaaklik dat die volk vernietig moes word. Met die ballingskap, het hy gereken, is dit Ikabod met die volk. En so is die koms van Christus by die wortel afgesny!

Hierdie aspek van die profesie word by die kindermoord van Betlehem vervul ter verduideliking hoe ons die kindermoord

moet verstaan. Soos die wêreldmagte in die tyd van Jeremia die saad van Jakob ten gronde wou rig, so vind dit ook plaas wanneer Herodes, die Edomiet, die kinders van Jakob en Ragel laat doodmaak. Hoewel daar onskuldige kinderbloed vloei, is Herodes eintlik met duiwelse woede gerig teen Christus. Die kindermoord roep dus uit: Hy wat gebore is, het gekom om die heerser van hierdie wêreld, Satan self, die stryd aan te sê. Daarom was die smart van die vroue van Betlehem vervulling van Ragel se smart. Dit was trane as gevolg van die stryd wat Satan, die teëkoning, teen die ewige koninkryk van God voer.

## God se almag en trou

Maar dit is nie al nie. Die ballingskap moet nie net van die mens en van Satan se kante gesien word nie. Genadiglik was daar ook nog 'n derde kant: God se kant. Dié kant was allesbepalend. In sy almag sou God nie toelaat dat Satan die oorhand kry nie. God sal sorg dat Israel uiteindelik as oorwinnaar uit die stryd tree. As Ragel dit maar wil besef, dan is daar vir haar troos. Daarom roep Jeremia haar toe: *'Daar is verwagting vir jou nakomelinge, spreek die HERE; en die kinders sal terugkom na hulle grondgebied'.*

Kyk, Ragel, kyk net vorentoe, en jy sien die verlossing wat wag. Dan sal die huidige droewige omstandighede van die ballingskap jou nie onderkry nie. Maar waarom dan hoegenaamd die smart en droefheid van 'n ballingskap? Die ballingskap is nodig - nie tot vernietig van die volk nie, maar juis tot hulle behoud! Hulle het so ver van die Here af weggedwaal, dat hulle op 'n pad van selfvernietiging was. In sy alwysheid en trou het die Here egter die ballingskap oor hulle laat kom om hulle te tugtig. In die ballingskap sou hulle tot hulle sinne geruk word en terugkeer na die Here, by wie hulle behoud is. Daarom roep Jeremia in 31:18 uit: *'U het*

> *. . . nie tot vernietig*
> *van die volk nie,*
> *maar juis tot hulle behoud . . .*

*my getugtig en ek het my laat tugtig soos 'n ongeleerde kalf. Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God'.*

Ook dié aspek van Jeremia se profesie kom by die kindermoord van Betlehem tot vervulling. Soos God met die ballingskap nie sou toelaat dat die magte van die duisternis die oorhand kry nie, so ook by die geboorte van Christus. Satan wil deur Herodes, sy instrument, Christus by sy geboorte summier uit die weg ruim. God laat nie toe dat dit gebeur nie. Die kindermoord moet gebeur sodat Herodes se paniekbevange aanslag op Jesus tot rus kom. Herodes wou bloot 'n bedreiging vir sy troon, soos dit vir hom gelyk het, afweer. Met die dood van alle seuntjies onder twee jaar het hy gedink dat hy in sy doel geslaag het. So kon die kindjie Jesus onopgemerk en veilig in Egipte bly lewe.

As hulle maar net verby hulle onmiddellike beproewing kon kyk, sou die vroue van Betlehem hierin troos vind. Hulle seuntjies moes sterwe sodat die Christus van God kon ontvlug. Hulle moes besef dat daar baie meer op die spel was as net hulle en hulle seuntjies se kortstondige aardse lewe. Dit gaan om 'n aanslag van Satan teen die mensdom en daarom 'n aanslag teen die Verlosser van die mensdom. Hulle seuntjies moes sterwe sodat Christus kon bly lewe om die oorwinning te behaal tot ons almal se ewige behoud.

## God gee geloofsvisie

Maar nog steeds die vraag: Waarom was die kindermoord dan hoegenaamd nodig? Dit het nou wel ter vervulling van 'n profesie gebeur, maar kon God die kindjie Jesus nie maar net sowel op 'n ander manier in die lewe gehou het nie? Kwelvrae soos hierdie spring in 'n mens op as jy die geskiedenis van Betlehem se wenende vroue lees. Moontlik het daardie vroue met soortgelyke vrae geworstel, selfs met verwyte en verbittering teenoor die kindjie van Maria: Die Here is darem nie regverdig nie; waarom so baie ter wille van één? So kom die verwyt teen Christus: Dit is **sy** skuld.

Terwyl mense met sulke verwytende kwelvrae worstel, lag Satan. Hy begeer bo alles om 'n wig tussen God en die mense in te dryf. As hy dan nie die kindjie Jesus betyds uit die weg geruim kan kry nie, sal hy ten minste toesien dat mense Hom verkwalik en verwerp - sy eie mense. Hiermee het Satan volgehou tot op Golgota. Jesus is in so 'n mate deur sy eie mense verwerp, dat hulle Hom aan die Romeinse soldate oorgelewer het en geskreeu het: 'Kruisig Hom'!

Maar God is almagtig. Hy sal nie toelaat dat sy raad omvergewerp word nie. Die oënskynlike nederlaag by Golgota was juis die uur van oorwinning. Juis daarvoor het Christus in die wêreld gekom. Juis daarvoor het die seuntjies van Betlehem onder die hand van Herodes gesterf; baie ter wille van één sodat Hy uiteindelik as één ter wille van almal kon sterwe. Juis daarvoor het Jesus telkemale die slinkse planne en venynige aanslae van die Joodse leiers ontsnap, sodat Hy aan die kruis kon sterwe ter betaling van die skuld van alle sondaars wat die Vader aan Hom gegee het. Sodat Hy die dood kon ingaan en dit kon oorwin. Sodat Hy as Oorwinnaar-Koning na die hemel kon opvaar om as ons ewige Koning oor ons te regeer.

Vanuit die hemel regeer en lei en versorg die Here sy kerk deur die eeue tot vandag toe. Ook in en deur swaar tye. Ook wanneer die waarom-vrae van ons tyd ons wil oorweldig, kom God ons tegemoet. Die waarom-vrae bring soms verbittering en verwyte in ons harte. Teleurstelling en droefheid en kwelling bring ons soms tot op die punt waar ons God wil verkwalik: Waarom laat Hy dinge tog nie anders verloop nie? Dit is darem onregverdig dat my lewe so moet skeefloop!

Maar deur sy Woord en Gees leer God ons om verder te sien as ons onmiddellike omstandighede. Hy maak aan ons bekend dat hierdie dinge moet gebeur, tot ons beswil. Dalk het ons tugtiging nodig. Dalk moet dit gebeur sodat iets veel belangrikers behoue mag bly. Hoe ook al, Hy leer ons in Jakobus 1:3 dat lyding en beproewing oor ons kom sodat ons met sterker geloof anderkant sal uitkom. So lei die Here ons tot 'n geloofsvisie, soortgelyk aan dié waarvan Paulus in die aandskemering van sy lewe getuig: 'Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou'.

Daarom is Kersfees rede vir blydskap. Nie maar omdat dit tydelike ontvlugting van al die ondermaanse smarte en ellendes bied nie. Maar omdat dit ons leer om met die geloofsoog verder te kyk. Omdat dit ons leer om raak te sien aan wie die oorwinning behoort. Om Jesus Christus te sien en te erken as ons Verlosser en ons Oorwinnaar-Koning. Hy is die Een wat ter wille van baie gesterwe het sodat ons in Hom kan lewe. Ons vind in Hom ons vreugde.

# VIRTUELE TEOLOGIE[1]

Ds ALA Buys, Piet Retief

Die woordeboek sê oor 'virtueel' heel kort: aanwesig, maar nie werksaam nie. As 'n mens die ongewone begrip 'virtuele teologie' wil beskryf, is dit nodig om eerstens te sê wat ek nie daarmee bedoel nie. Anders word die beeld te spitsvondig. Virtuele teologie wil nie die opkoms van 'nuwe kuber-kerke of die gebruik van die internet deur teoloë benoem nie.

Die maklikste manier om die begrip te verduidelik, is om dit te vergelyk met die virtuele video-speletjies wat 'n mens deesdae kry. Jy sit 'n elektroniese masker op en kyk na 'n gesimuleerde situasie. Jy beleef dit asof jy werklik aanwesig en betrokke is, maar jy is nie. Dis blote goed nagemaakte, bykans oortuigende sinsbedrog. Virtuele teologie is om die skyn te ervaar asof dit werklik is.

In ons huidige tydsgewrig kom virtuele teologie basies in twee vorme voor. 'n Mens kan die effek van die virtuele teologie telkens op die kerk en op die Afrikaner volk uitwys. As die kerk en 'n volk hier naas mekaar genoem word, moet nie vanuit òf 'n christelik-nasionale òf volkskerklike òf 'n liberale vooroordeel geluister word nie. Die huidige omstandighede in Suid-Afrika kan oorvereenvoudig vergelyk word met twee gletsers wat in teenoorgestelde rigtings teen mekaar skuur. Op hierdie meedoënlose gletsergly bied die virtuele teologie telkens sy eie antwoord.

## Golf van verandering

Aan die een kant is daar 'n rigting wat ons sou kon benoem met 'n leenwoord van Alvin Toffler.[2] Hy praat van die derde golf. Die eerste twee golwe, sê Toffler, is die landbou-era en die industriële tydperk.

Die derde golf sluit sake in soos die omvattende inligtingsrewolusie, globalisering, sagte demokrasie, hoogs funksionele tegnologie. Toffler sê dat die enigste konstante rigsnoer is dat daar konstante verandering is. In Suid-Afrika kom elemente van hierdie derde golf ook voor, alhoewel nie so verfynd soos in Amerika en Europa nie.

Die ander rigting waarmee ons tans te doen kry, is volbloed Afrika, naamlik die nuwe gedagte van die 'African Renaissance'. Dit is die kollektiewe soek na 'n eie kontinentale Afrika-identiteit. Dit wortel in die Uhuru-bewegings, maar is veel meer as die blote afgooi van koloniale imperiale reste. Dit wil die effek van tegnologie invoeg by (nog grootliks ongedefinieerde) Afrikaanse ubuntu-waardes. Daar is 'n doelbewuste weg beweeg van sowel Westerse as Oosterse waardes.

## Waar staan ons?

Die gereformeerde kerke en die Afrikaner en ander volke in Suid-Afrika is tans vasgevang binne hierdie gletserskeur. Sommige, dalk die meeste mense, onderskat die krag van hierdie twee bewegings. Ander besef glad nie waar hulle hulle bevind nie. Hulle voel die grond onder hulle voete beweeg sonder om te besef wat werklik aangaan. Nog ander sien net wat hulle wil sien. Daar is ook 'n klein groepie wat dramaties dapper 'n keuse probeer uitoefen tussen die twee. Hulle wil nie wydsbeen oor die gletserskeur staan nie, maar probeer spring na een van die twee.

Die bewegings maak die nog onbekende werklikheid uit. Op hierdie werklikheid reageer baie christene verskillend. Hulle word meestal voorgesê deur teoloë wat virtuele teologie pleeg.

## God as die vyand

Daar is christene wat oral vyande sien en altyd bedreigings beleef. Vir die huidige pyne is daar nie 'n tekort om oorsake uit te wys nie: Dis die ANC se skuld, die regering, die vorige regering, die kommuniste, die liberale, die mense wat in 1983 'ja' gestem het, dis die moordenaars en kapers, dis die volksverraaiers. Dis alles en almal se skuld.

Daar is ook baie christusse as oplossing: Daar gaan 'n groot oorlog kom waarna alles weer eenvoudig en eerbaar gaan word. Die vigs-epidemie gaan 'n demografiese christus wees. Daar gaan 'n nasionale opwelling kom wat die lam knieë sterk sal maak. En so aan ensovoorts ...

Maar wat as dit alles virtuele teologie is? Wat as dit wel so voel, maar niks met die ware stand van sake te doen het nie?

Wat as God die vyand is?

'n Mens kan hierdie verskriklike moontlikheid slegs in vraende vorm stel. Wat as God besluit het om sy Heilige Gees aan die gereformeerde kerke (of 'n groot deel daarvan) te onttrek vanweë aanranding van Skrifgesag en verbondsverbreking en verbondsoutomatisme? Wat as God besluit het om die Afrikaner volk (of 'n groot deel daarvan) of enige ander volk in Suid-Afrika te vernietig?

Wat as God die vyand is? Diegene wat virtuele teologie opgedoen het, oorweeg nie hierdie moontlikheid nie. Hulle kyk virtueel vas teen allerlei valse effekte van veiligheid - God sal mos nie toelaat dat die Afrikaner verdwyn nie. Is dit werklik so dat die Afrikaner nooit sal verdwyn nie? Is dit werklik so dat God se oordele nie by die kerk begin nie? As ons vyande maar mense en geeste was ..., maar wat sal daar van ons word as God teen ons stry? Virtuele teologie sien nie God as die vyand raak nie.

## Vyande van God

'n Ander virtuele teologiese maskertjie is dié van die post-modernisme. Hulle lag oor die vorige groep se vermeende vyande. Vir hulle is die gletsers anders, maar nie noodwendig sleg nie. Hulle staan skepties teenoor die bekende eie. Vir hulle moet daar konstante verandering in Afrika wees. Daarin moet die kerk en die eie Afrikaanse taal onmisbaar gemaak word.

Hulle wil 'n bydrae maak sonder om aanstoot te gee. Daar is nie werklike vyande nie, net persepsies daarvan. Hulle wil niemand se vyand wees nie. As menseregte algemeen aanvaar word, dan laat jy die kerk menseregte buikspreek om nie aanstoot te gee nie. Hierdie groep soek die effek van troos. Maar dit wortel vir hulle in 'n onbekende realiteit wat hulle as christene 'God' noem.

---

1 Toespraak tydens *Waarheid en Dwaling* se vergadering op 23 Oktober 1999 in Pretoria.

2 Vgl. o.a. A Toffler se boeke: *Future Shock* en *The third wave*. London: Pan Books, 1970 en 1980.

Hierdie groep is so akkomoderend, hulle wil so meeleef, hulle wil so onmisbaar wees in Afrika dat hulle nie meer die vyande van God raaksien nie. Dit is heel logies. As God post-modern 'n onbekende realiteit bly, as die werklikheid konstante verandering behels - wie kan dit dan waag om die luukse van 'n vyand te hê? Wie kan nog sê wie God se vyande is, as jy skaars kan nasê wie God self sê Hy is? As jy God nie kan ken nie, hoe sal jy sy vyande kan uitken?

By die eeu-wending is die virtuele teologiese effek dus onderskeibaar in die volgende: *'n Valse veiligheid* omdat jy dalk nie God as jou vyand raaksien nie, en *'n valse vrede* met die vyande van God.

## Grondslae van die nuwe samelewing

As ons nie met virtuele teologie wil omgaan nie, waarmee dan wel? Wat behels die volle trefwydte van die amp van gelowige in die gletserskeur? As ons die virtuele teologie-masker neersit, moet ons twee dinge vermy.

Ons moet nie naïef wees met die gedagte dat ons maar net op die gletser kan getuig nie. Ons moet sekerlik getuig. Maar die amp van gelowige behels meer as dit. Ons moet nie word soos die ongetroude jongman wat bly praat (getuig) oor die deugde van 'n Godgegewe huwelik - maar ongehoorsaam nooit tot trou kom nie. Om by hierdie beeld aan te sluit - dit is naïef om te dink: Jy kan 'n bordeel hervorm deur net te 'getuig'.

Tweedens moet ons nie vermetel wees deur ongehoorsaam iets aan te pak omdat daar nog nooit so iets was nie, of deur ons roeping na te laat omdat ons dink: Dit is onuitvoerbaar.

Wat is ons taak, sonder om naïef of vermetel te wees? Ons moet die grondslae van 'n nuwe samelewing bedink. Niks minder as dit nie. Ons moet daarin met die opdragte van God as sy medewerkers besig wees. Hierdie nuwe samelewing sal 'n wonderwerk wees. Ons moet wonderwerke doen.

Ons vind 'n aangrypende rigtingwyser in Josua 10:13 waar die son stilstaan sodat die volk Israel oorlog kan voer. Dit is 'n wonder dat die son stilstaan. 'n Groter wonder is dat die volk, medewerkers van God, aan Hom gehoorsaam is. God wil die Amoriete uitroei. Hy wil die land aan Israel gee. Hy wil dat die Christus daar gebore word. Hy gee Israel se vyande in hulle hande. Hy stry vir hulle. Hy laat die son stilstaan. Die volk voer die wil van God uit in wat Hy wil afbreek en in wat Hy wil opbou. Dit is die groot wonder. Besef ons kerklik en polities die implikasie van ons bede: 'Laat u wil geskied'? Dit vereis wonderwerke. Wonder-gehoorsaamheids-werke.

Die regverdige - deur die geloof sal hy lewe; en hy sal uit daardie geloof lewe. Die regverdige sal gehoorsaam wees in die geloof.

Wil ons, kerk van God, saam met Hom werk? Wil ons saam met God werk in ons volk wat ook aan Hom behoort? God is ter wille van Jesus Christus nie die gelowige se vyand nie. Hy werk nie teen ons nie. Maar werk ons saam met die Almagtige? Ter wille van Jesus Christus het God baie vyande. Is hulle ook ons vyande? Hy werk teen hulle. En ons?

Ons moet gelowig wonders werk en 'n nuwe samelewing tot stand bring.

---

**OP DIE KERKERF**

# 'KUNSLIG' TEENOOR SKRIFLIG (1)

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Moderne teoloë dring hulleself tussen die Woord en die kinders van God. Hulle is skerms tussen die helder lig van die Skrif en die gelowiges. In die donker wat hulle veroorsaak, vervaardig hulle 'kunslig'. Hulle teologie vervang die Woord van God. Die kunslig wat hulle ontsteek, kry 'n naam: 'interpretasie'.[1] Hierdie artikel gaan oor die vraag: Hoe om die 'interpretasie-kunslig' uit te ken?**

Interpretasie en uitleg. Is dit sinonieme, twee woorde wat dieselfde aksie aandui? Nee. Suiwer uitleg ontvou die inhoud van 'n teks. Die uitlêer konsentreer op die letterlike teks en gee antwoord op die vraag: Wat beteken die woorde in die verband van die hoofstuk, in die raam van die Bybelboek en in die verband van die hele Skrif?

Interpretasie gaan verder as 'wat staan daar geskrywe'. Die persoon wat die teks interpreteer, beantwoord nie slegs die vraag *'wat* staan daar' nie, maar moet ook antwoord gee op die vraag wat Christus aan die wetgeleerde gestel het: *'Hoe* lees jy'?[2] In hierdie kort vraag lê die volgende vrae opgesluit: Hoe sien jy die Woord? Hoe lyk jou insig in die Skrif?[3] Hoe vertolk jy die Woord? Watter gesag het dit vir jou?

Die antwoord op hierdie vrae bepaal of die Skriflig in die uitleg skyn of dat kunslig vervaardig en aangesteek word. Elke gelowige kan kunslig-interpretasie aan twee dinge uitken: aan die omgang *met* en die ontsag *vir* die Bybel. Hierdie twee sake word onder die drie volgende vet gedrukte opskrifte verduidelik. Die syfers tussen hakies verwys na drie artikels: 'n artikel van dr CJ Smit, my reaksie daarop en sy weerwoord op my reaksie.[4]

## Oneerbiedige omgang met die Skrif

Die uitgangspunt by eerbiedige Skrifuitleg en -vertolking is die belydenis oor die helderheid van die Skrif.[5] Die Woord is naby, in die mond en in die hart van die uitlêer. Die blymoedige geloof dat die Here in sy Woord deur die eeue

---

1. Sien die artikel Skriflig of 'kunslig'? *Waarheid en dwaling* 5(10), Oktober 1999:4-6.
2. Luk 10:26; in die grondteks staan die woordjie 'poos'.
3. S Greijdanus. *Lucas*. Kampen: Kok, 1941, p. 280 (Korte Verklaring).
4. CJ Smit. Twee strominge? Kyk verder. *Die Kerkblad*, 27 Mei 1998:12-13; JG Meijer. Hou vas wat jy het. *Die Kerkblad*, 21 Oktober 1998:24-25; CJ Smit. Is dit interpretasieverskille of verskil in Skrifbeskouing? *Die Kerkblad*, 21 Oktober 1998:26.
5. NGB, art. 2: Die oorspronklike Nederlandse teks 'nog klaarder', helderder, is in die Afrikaanse teks as 'nog duideliker' weergegee.

heen sy volk toe- en aanspreek, beheers die uitlegging daarvan. Dit word in geskrifte, in die klaskamer van teologiese studente en in die samekomste van God se volk ontvou. Ontvou: die Bybel gaan oop. Die luisteraars hoor die stem van die Goeie Herder.

Die uitgangspunt by kunslig-vervaardiging staan lynreg hierteenoor. Die hele Skrif of dele daarvan word nie helder nie, maar duister geag. Die Woord is nie meer vandag naby nie. Dit is eeue gelede geskryf aan mense wat in ander omstandighede as ons s'n geleef het. Namate die tyd voortgaan, neem die helderheid van die Bybel af. Die direkte stem van God in sy Woord klink steeds swakker. Daarom moet die Woord volgens kunslig-vervaardigers' vandag opnuut vertaal, vertolk word.

Hoe hulle te werk gaan en hoe elke gelowige die kunslig kan uitken, word onder die volgende vier opskrifte verduidelik.

### *Die konteks*

Die konteks van 'n Bybelteks is die verband waarin die teks voorkom: sy verband met die perikoop, die hoofstuk, die betrokke Bybelboek en die hele Skrif. Gereformeerdes het van jongs af geleer om nie tekste uit hulle verband te ruk en aan te haal nie. Wie dit wel doen, propageer eie gedagtes met 'n beroep op die Bybel en verhef sy eie wil tot die wil van God.

Kunslig-vervaardigers gee aan die die begrip 'konteks' 'n heel ander betekenis. Hulle dink nie aan die *Skrif* nie, maar aan die *lesers*. Die lesers se *leefwêreld* is vir hulle die konteks. Hierdie leefwêreld bestaan uit die wêreldbeeld, politieke, sosiale, ekonomiese en watter omstandighede ook al. Ons leefwêreld vertoon aanmerklike verskille in vergelyking met die leefwêrelde van die eerste Bybellesers.

Die een konteks waarby gereformeerdes opgevoed is, die konteks van die Skrif, word deur 'n hele aantal kontekste vervang: die mense voor die sondvloed en die aartsvaders se leefwêrelde, Israel se leefwêreld in Egipte, in die woestyn, in die beloofde land, in die ballingskap, terug in die beloofde land, onder die Romeinse bewind, die leefwêreld van die eerste christene en ten slotte ons leefwêreld.

Skrifgelowige uitlêers neem van die eerste Bybellesers se leefwêrelde indringend kennis. Die doel daarmee is om die helder lig van die Skrif steeds duideliker te sien. Kunslig-vervaardigers daarenteen verhef die bestaande leefwêreld tot 'n norm waaraan hulle voorskrifte in die Bybel meet. Die hantering van ons leefwêreld as konteks, as maatstaf, gaan met oneerbiedige omgang met die Skrif gepaard. Die Skriflig word afgeskerm. Bybelwoorde word verdraai, by ons omstandighede aangepas. Die hedendaagse 'konteks' gaan heers oor die teks.

Kunslig-makers se omgang met die Woord vertoon drie kenmerke:

- Hulle hanteer die Bybel as 'n *tydgebonde* boek;
- hulle pas *eie uitlegging* van tekste toe, en
- hulle gee voor dat daar *teenstrydige voorskrifte in die Skrif* staan.

Hierdie drie kenmerke van oneerbiedige omgang met die Skrif word aan die hand van een treffende voorbeeld nader verduidelik. Ek kies hierdie voorbeeld omdat die posisie van die vrou in die kerk in ons midde 'n aktuele kwessie is. Die Here gee onder meer in 1 Timoteus 2:9-15 voorskrifte hieroor. Hy verbied die vrou om in die gemeente te leer, amptelik voor te gaan.

Wat is die rede waarom die Here die vrou verbied om in 'n amp van voorganger te dien? Verlossing geskied nie rewolusionêr nie. God *verander* nie sy skeppingsverordeninge nie. Hy *herstel* dit. Adam is eerste gemaak. Boonop het die vrou haar laat verlei. Sy het eerste gesondig. Sy het nie haar man as haar hoof[6] eerbiedig nie, maar die verhoudinge omgekeer. Sy het van die verbode vrug op eie inisiatief geëet en haar man laat volg.[7] Eva het in die sondeval voorop gegaan, as hoof opgetree.

Wat bly daar van die helder Skriflig in 1 Timoteus 2 oor in *Die Bybel in praktyk* se verklarende aantekeninge?

### *Is die Bybel tydgebonde?*

Die interpretasie begin by 2:9-15 nie met die teks nie, maar met die so genoemde 'kontekste'. Die verklaarder vertel: Daar is teen die vrou in die toenmalige samelewing gediskrimineer. Die vrou van vandag (ons konteks) se posisie het verander. Die slotsom van hierdie teoloog? 'Paulus sou waarskynlik nie hierdie beperkings op vroue gelê het as die samelewingsposisie van vroue nie destyds so van dié van mans verskil het nie.' Die huidige 'konteks', ons leefwêreld word verhef tot die maatstaf by die interpretasie van die teks. Die verklaarder kom al tot sy konklusie voordat hy by die noukeurige verklaring van die Bybeltekste uitgekom het. Hy laat die 'konteks' oor die teks heers.

Is die voorskrif dat vroue nie in die gemeente mag voorgaan nie, tydgebonde? Ja, antwoord die verklaarder. Ander gaan drastiese stappe verder: Is homoseksuele gedrag sonde? Nee, antwoord hulle, die verbod daarvan in die Bybel is tydgebonde. Die liefde-gebod is tog die alleen blywende gebod?! As mans tot mans en vroue tot vroue seksueel aangetrokke voel - watter mens het die reg om hierdie 'liefde' en hulle 'mensereg' te veroordeel?! Daar is geen stilstand op hierdie interpretasie-pad nie.

Die Bybel is wel tydgerig. Die Here het sy Woord aan sy volk in 'n bepaalde tyd met sy eie omstandighede geskenk. Kennis van die 'Umwelt' van die Bybel verdiep ons insig in die teks.

Die Skrif is nie tydgebonde nie, sodat Bybelse voorskrifte vanuit ons 'konteks' na willekeur deur teoloë verander kan word nie. Die verklaarder van 1 Timoteus beweeg vanuit die lewensomstandighede van die moderne mens na die Skrif pleks van dat hy die Skriflig oor die moderne mens laat skyn. Hy eerbiedig nie Skrifgesag nie, maar pas die Skrif by die moderne mens aan. Sodoende versper hy sy eie pad na eerbiedige uitleg van die Heilige Gees se woorde.

### *Is Skrifverklaring 'n saak van eie uitlegging?*

Na sy slotsom oor die verskil in toenmalige en hedendaagse 'kontekste' (wat origens nie bewys word nie) kom die teoloog tot sy verklaring. By 2:12 merk hy op, met verwysing na vroue wat belangrike werke in die eerste christelike kerke verrig het: 'Daar was dus spesifieke omstandighede in Efese wat Paulus genoodsaak het om hierdie uiters beperkende opdrag aan die vroue te gee'. Wat aan vroue in Efese nie toegestaan is nie, mog vroue in ander gemeentes volgens die verklaarder wel doen. Hy lewer egter nie die bewys dat die vroue waarna hy verwys, in die gemeentes 'n voorgangersamp beklee het nie. Dit is immers die onderwerp waaroor 1 Timoteus 2 handel?!

Wat vroue in Efese nie mog doen nie (leer, amptelik in die gemeente voorgaan), mog hulle elders ewe min doen. Die konklusie van die teoloog dat die vroue in Efese hulle slegter as in ander gemeentes gedra het, is dan ook uit die lug gegryp. Die eerste brief aan Timoteus gee geen aanleiding

[6] Sien onder meer 1 Kor 11:3; Ef 5:23.
[7] Gen 3:6.

tot daardie bewering nie.

Wat van die verwysing in die teks na Adam wat eerste geskape is en die vrou wat eerste gesondig het? Die verklaarder merk by 2:13-14 onder meer op: 'as jy in gedagte hou wat die posisie van die vrou in die destydse samelewing was (haar 'konteks'), volg dit logies dat Paulus ... nie ewig-geldende beginsels gee nie, maar dat hy 'n ordereëling vir 'n konkrete situasie ... van die Efesiërs wil motiveer'. Hy kom weer tot 'n slotsom: Hierdie Skrifdeel kan nie gebruik word om 'n beperkende rol vir die vrou in die kerk te regverdig nie. In hierdie 'interpretasie' verdwyn die ryk inhoud van die teks oor die herstellende werk van die Here buite die gesigsveld, die herstel nie van die paradystoestand nie, maar wel van paradysposisies van man en vrou.

Vanuit die 'konteks' kom die verklaarder tot 'n onsuiwer vergelyking van vroue in Efese en in ander gemeentes en vandaar tot miskenning van die Heilige Gees se verwysing na die paradys-posisies van man en vrou. Die inhoud van die tekste word nie ontvou nie. Hierdie 'interpretasie' is van begin tot einde (van die inset vanuit die 'konteks' tot die miskenning van die herstel van paradysposisies) in stryd met die woord, 'dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie'.[8] Eie insette van die teoloog verduister die teks. Die kunslig wat die verklaarder aansteek, verdonker die Skriflig wat in 1 Timoteus 2 tog so helder skyn.

### *Gee die Here teenstrydige voorskrifte?*

Maar, sal die verklaarder antwoord, ek het tog by 2:12 duidelik op die verskil tussen die vroue se posisies in die gemeentes van Korinte en Efese gewys? In Efese mog hulle nie amptelik in die gemeente voorgaan nie. Paulus erken tog in sy eerste brief aan die Korintiërs 'dat vroue in die openbaar kon bid en die Woord kon verkondig' (11:5)?!

Is hier werklik 'n verskil? Mog vroue in Korinte doen wat in Efese verbied word? Daar staan nie in 1 Korintiërs 11 dat vroue die Woord mog verkondig nie. Hulle het daar die besondere gawe van die profesie uitgeoefen (11:5). Dit was geen amptelike Woordverkondiging nie.

Ons lees verder in dieselfde brief: 'Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel'.[9] Die beoordeling het blykens die teksverband deur die ampsdraers geskied. In dié verband volg die opdrag: 'Julle vroue moet in die gemeentes (meervoud) swyg".[10] Die Here gee nie aan sy gemeentes in Korinte en Efese teenstrydige voorskrifte nie. Hy laat geen vrou in enige Nuwe Testamentiese gemeente toe om die amp van voorganger te bedien nie.[11]

Die verklaarder haal 1 Korintiërs 11:5 nie letterlik aan nie, verdraai die inhoud van die teks (hy verander profeteer in Woordverkondiging), verontagsaam die konteks in 1 Korintiërs 14 en dra die twintigste eeuse mens se gevoel in die Bybelteks in. So word die goud van die Skrif nie opgedelf nie, maar verdonker. Kunslig teenoor Skriflig ...

Mag die leefwêreld van die moderne mens, die 'konteks', die binding aan die Skrifteks vervang? Nee. Mag teoloë eie uitlegging toepas? Nee. Verbied die Here in Efese wat Hy in Korinte toelaat? Nee. Word 1 Timoteus 2:9-15 in *Die Bybel in praktyk* ontvou? Nee, die inhoud word verduister deur 'n voortdurend oneerbiedige omgang met die tekste van die Skrif. Intussen gaan hierdie vervaardiger van kunslig so ver om die teenoorgestelde van wat in die teks staan, uit naam van die hoogste gesag te verdedig. Hy merk by 2:12 op: 'Ons moet ... nie die gesag van die Skrif aantas deur aan hierdie uitsprake van Paulus ewige en universele krag te gee nie'.

Oneerbiedige omgang met die Skrif gaan hand aan hand met 'n moontlik onbedoelde, maar daadwerklik bestaande gebrek aan ontsag vir die Woord. Hierdie gebrek aan ontsag kom na vore in relativering en reduksie van die Skrifgesag.

## Relativering van Skrifgesag

Relativering van die Skrifgesag begin by twyfel oor die vraag of die kerk die waarheid besit. Is die Woord waarvan die laas geskrewe boek ongeveer 20 eeue oud is, wel so naby ons as wat die Here sê? As hierdie twyfel nie in geloof bestry word nie, loop dit uit op die ontkenning dat die kerk werklik die profetiese woord wat baie vas is, in besit het.[12]

Hierdie ontkenning tas die ware geloof aan. Die 'vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar',[13] word gaandeweg minder vas en word uiteindelik vervang deur onsekerheid. Die belydenis oor die helderheid van die Skrif maak plek vir die gevoel van onhelderheid. Die aanvanklike twyfelaar leef uiteindelik nie meer uit die Woord nie. Die ontsag vir die evangelie kwyn weg. Hy vervang die glansende Skriflig met die kunslig van interpretasie.

Mense wat nog uit die 'vasstaande kennis' van die ware geloof leef, kry te hore: Julle is verwaand, julle seker-weters. Kunslig-vervaardigers reageer op 'n beroep op die Skrif: Julle wat dink dat julle die Skrif laat praat - verstaan julle nie dat dit slegs julle interpretasie is nie? Word tog asseblief beskeie. Toets wat julle sê maar aan ander interpretasies. Lidmate wat aan hierdie 'vermaning' gehoor gee, verlaat die pad van die 'vasstaande kennis' (die geloof) en begeef hulle op die pad van die twyfel, die knaende onsekerheid.

Dr CJ Smit se artikel 'Twee strominge? Kyk verder' handel oor Skrif-interpretasie. Hy skryf: 'Mense met dieselfde Skrifbeskouing kan dieselfde Skrifgedeelte verskillend interpreteer'. In dié verband merk hy op: 'Niemand van ons het dié lig nie; niemand staan in die middelpunt nie. Ons toon almal maar die trekke van skaduskimme op die rand. Wat ons sê, is tydgebonde; wat ons dink, is dikwels verbygaande. Waar dit oor 'n interpretasieverskil gaan, moet ons leer om baie ruimte te hê' (12). 'Ons moet leer hoeveel betreklikheid en relativiteit daar in eie interpretasies kan wees' (13).

Ons hoor nie 'n loflied op die helder lig van die Woord[14] en op Christus, die lewende Woord, die waaragtige lig wat elke mens verlig en wat die Vader vir ons verklaar[15] nie. 'Skaduskimme op die rand'? Ja, 'n mens wat die lig van die Woord vir 'interpretasie-kunslig' verruil, beland in skaduwees, skemer en donker. 'Niemand van ons het dié lig nie?' Die Skrif sê: 'Ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn'.[16] 'Wat ons sê, is tydgebonde?' Nee, ons is immers wedergebore 'deur die lewende Woord van God wat *tot in ewigheid* bly'![17]

In die Skriflig ontvang elke gelowige uit genade rotsvaste en verblydende geloofsekerheid. Die kunslig van interpretasie neem die sekerheid weg. In die Skriflig ken ons die stem van die Herder: So sê die Here. In die kunslig sê die mens vanuit sy donker hoekie waar hy die Skriflig afgeskerm het: Ek

[8] 2 Pet 1:20.
[9] 1 Kor 14:29; sien ook vers 32.
[10] 1 Kor 14:34.
[11] Vgl. J van Bruggen. *Emancipatie en Bijbel: kommentaar uit 1 Korinthe 11.* 5e druk. Amsterdam: Ton Bolland, 1984.
[12] Sien onder meer 2 Pet 1:19.
[13] HK, antw. 21.
[14] Sien onder meer Ps 19:8-12.
[15] Joh 1:1, 9, 18.
[16] 2 Pet 1:19.
[17] 1 Pet 1:23.

gee slegs my mening en onthou - my interpretasie is slegs betreklik, relatief. Dit is relativering van die Skrifgesag. Wie die gesag van die Bybel relativeer deur die beroep op die Skrif as interpretasie aan te merk, moet onthou: In die donker van die afgeskermde Skriflig wat hy of sy self verkies het, kwyn sowel die belydenis oor die helderheid van die Woord[18] as die ontsag vir die Skrif[19] weg.

## Reduksie van Skrifgesag

Dr Smit sê: Daar bestaan in die GKSA geen geskille oor Skrifgesag en die belydenis nie. Ons het wel 'interpretasieverskille. En veelal verskille oor metode,'... byvoorbeeld oor die *metode* van nagmaalviering en die *metode* van liturgiese inkleding'. Hy onderskei in die Skrif tussen gesindheid en metode. Die Nuwe Testament gee volgens hom 'nie eksakte metodes weer nie. Die hele Bybel wil ons juis leer dat dit om *gesindheid* gaan ... Christus het nêrens 'n metode gekanoniseer nie ... Van metodes moenie beginsels gemaak word nie. Metodes kan, en moet soms, by tyd en omstandighede aangepas word' (13).

In sy weerwoord na my reaksie noem hy vier metodes van nagmaalviering: 'knielend, lopend, sittend, bekers of kelkies'. Die Skrif skryf volgens hom oor die metodes niks voor nie. Hy merk op dat Calvyn al hierdie vier metodes onder middelmatige sake rangskik (26).

Die liturgiese volgorde en voorskrifte in vroeër sinodebesluite 'was 'n fout', aldus dr Smit Waarom moet alle kerke een metode volg (13)? Ek bespreek dié kwessie nie hier nie, maar verwys slegs na 'n artikel wat daaroor verskyn het.[20] In die raamwerk van hierdie artikel volg slegs een opmerking hieroor: Die verkondiging van die Woord, een van die sleutels van die koninkryk van die hemel,[21] ontvang in die laaste sinodebesluit nie die plek in die erediens wat die Here in sy Woord daaraan toeken nie. Dit is 'n fout ...

My reaksie op dr Smit se betoog volg onder drie opskrifte hieronder.

### *Is die onderskeid tussen gesindheid en metode skriftuurlik?*

Waarop grond dr Smit sy onderskeiding van gesindheid en metode met die toevoeging dat Christus geen metode gekanoniseer het nie? Eerstens gee hy geen noukeurige omskrywing van hierdie onderskeiding nie. Tweedens verwys hy nie na die Skrif nie. 'n Metode is 'n vaste, weldeurdagte manier waarop te werk gegaan word om 'n doel te bereik. Ons bely dat die hele manier, 'die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word', in die Bybel 'breedvoerig beskrywe word'.[22]

Die onderskeiding tussen gesindheid en metode is nie skriftuurlik nie. Wanneer ons sonder beroep op die Bybel onderskei waaraan die Here ons in sy Woord wel en nie bind nie, sit ons die deur oop na reduksie van die Skrifgesag. Ons kap eiewillig uit die Skrif metodes (die wyse van diens) weg. Ek herinner hier aan die beswaarskrif oor 'die vrou in die amp' wat in die sinode van 1994 bespreek is. Gebooie van die Here word tot riglyne gedevalueer. Dié devaluering tas die gesag van die Skrif aan.

### *Is knielend nagmaal vier skriftuurlik?*

Dr Smit sit vier metodes van nagmaalviering in een ry. Hy kon 'staande' nog bygevoeg het. Die vraag is: Pas al vyf metodes in dieselfde ry? Mag ons al vyf as middelmatige sake beskou? Ten minste twee moet uitgesonder word: knielend nagmaal vier en die gebruik van beker of kelkies by die nagmaal.

Calvyn het - vir sover ek weet - nie geskryf dat knielend nagmaal vier 'n middelmatige saak is nie. Die sinode van Dordrecht (1578) het dit uitdruklik afgewys in die volgende besluit: 'Aangesien ons die staan of die sit by die bediening van die nagmaal middelmatig ag, sal die gemeentes die wyse gebruik wat elkeen die geskikste ag. Die kniel sonder ons uit weens die bygeloof en die gevaar om die brood te aanbid.[23] Kniel laat ook die maaltyd-karakter van die nagmaal verlore gaan.

Die stelling dat die Here nie aan metodes bind nie, verlei dr Smit om kniel by die nagmaal onder middelmatige sake tuis te bring, terwyl hierdie manier van nagmaalviering deur die kerke in die verlede gegrond afgewys is. 'Knielende viering' laat bowendien die nagmaal as maaltyd buite die gesigsveld verdwyn. Daarom is hierdie metode nie skriftuurlik nie. Die 'kniel' in dr Smit se ry gee blyk van onvoldoende ontsag vir die Woord.

### *Is gebruik van kelkies by die nagmaal skriftuurlik?*

Calvyn het die beker-kwessie allermins 'n middelmatige saak geag. Hy skryf hieroor: 'Ons moet nie slegs let op *dit wat* Christus vir ons gee nie, maar ook op *hoe* Hy dit vir ons gee. Ons moet ag slaan op die wyse waarop Hy hom aan ons wil meedeel. Hy gee vir ons in die gedaante van die brood sy liggaam en in die gedaante van die drinkbeker sy bloed'.[24]

Toe die Heiland vir twee van sy dissipels vra: 'Kan julle die beker drink wat Ek drink'?, antwoord hulle bevestigend. Die Here Jesus sê toe: 'Dis waar, die beker wat Ek drink, sal julle drink'.[25] Wentsel merk met verwysing hierna fynsinnig op: 'Wie uit *'n ander se beker* mag drink, tree solidêr in gemeenskap met die ander. Jesus versterk, beteken en verseël die eenheid *met* en *onder* diegene wat Hy met sy bloed gekoop het, deur die brood onder hulle te verdeel en hulle uit sy beker te laat drink'.[26]

Die deurslaggewende argument vir die gebruik van die beker kom uit die woorde van Christus by die instelling van die nagmaal: 'Drink almal daaruit',[27] en uit die woorde waarin die apostel oorlewer wat hy van die Here ontvang het: 'Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis'.[28] Wie is ons om aan hierdie opdrag te peuter, instellingswoorde van die nagmaal kwasigeleerd as 'n metafoor te beskou en die beker met 'n kelkie te vervang?

In sy uitspraak dat beker of kelkie tot die middelmatige sake behoort, maak dr Smit uit dat die opdrag van Christus nie as altyd geldende reël gehandhaaf hoef te word nie. Hier illustreer hy sy stelling dat Christus nie metodes kanoniseer nie. Dit sê dr Smit. Maar die Heiland het dit nêrens gesê nie.

Die verlaging van die opdrag van Christus tot 'n middelmatige

[18] NGB, art. 2.
[19] NGB, art. 3, 5, 7.
[20] JG Meijer. Die samekoms van die Here met sy volk. *Waarheid en dwaling* 4(3/4), April 1998:6-11.
[21] HK, antw. 83 en 84.
[22] NGB, art. 7.
[23] FL Bos. *De orde der kerk, toegelicht met kerkelijke besluiten uit vier eeuwen*. 's Gravenhage: Guido de Bres, 1950, p. 228. Hierdie aanhaling ook in die artikel Kelkies? ... *Waarheid en dwaling* 4(5/6), Mei 1998:7.
[24] J Calvyn. *De artikelen van de Faculteit der Heilige Godgeleerdheid te Parijs betreffende ons geloof, onze christelijke religie en de vorm onzer prediking - met de remedie tegen het venijn*. Nijkerk: Callenbach, (s.a.), p. 39.
[25] Mark 10:38-39.
[26] B Wentsel. *De Heilige Geest, de kerk en de laatste dingen ... Dogmatiek (4c)*. Kampen: Kok, 1998, p. 197-198.
[27] Matt 26:27.
[28] 1 Kor 11:23, 25.

saak reduseer die Skrifgesag. In interpretasie-kunslig hou verklaarders hulle aan reëls vir Bybelvertolking wat mense opgestel het. Wie in die Skriflig beweeg, ontvang ook die reëls vir die vertolking van die Woord in ... die Skrif. Die Here bly soewerein, ook in die eerbiedige verklaring en vertolking van sy geopenbaarde Woord.

### Onderskei

Hoe om kunslig van Skriflig te onderskei? Die bostaande kan kortliks saamgevat word. Die verklaarder en vertolker wat die Skrif ontvou, laat die stem van die Here hoor., Gelowige hoorders in die kerk, in die katkisasieklas, in die teologiese klaskamer en lesers van Skrifoordenkings reageer: Die Woord gaan steeds dieper vir ons oop. Loof Hom wat sy Woord, die ryk geskenk, geopenbaar het. Ons dank Hom vir die heil wat sy Gees in en deur die Woord aan ons gee. Dank aan die Here wat sy lig in die laat twintigste eeu helder vir ons pad laat skyn.

Moderne interpretasie kom op die kateder, op die preekstoel, in die katkisasie-klas, op huisbesoek nie verder as 'ek, skaduskim op die rand, dink ... ek gee my interpretasie' nie. 'Wat ek sê, is maar betreklik, relatief. Ek bly beskeie'. Hiermee stel hy die waarheid buite sy bereik en buite die gesigsveld van sy hoorders. Buite die Skriflig steek hy sy eie interpretasie-kunsliggie aan en ... verduister die Skriflig.

Mag ons kunsligvervaardigers in die kerk van Christus verdra? Hierdie vraag word DV in die laaste artikel van hierdie reeks aangespreek.

---

**AKTUEEL**

# GESAG IN DIE KRISIS (3)

# DIE WETTIGE OWERHEID

**Prof. B Holwerda**

**Professor Holwerda hou in 1947 'n rede oor 'die krisis van die gesag'. Hy besin daarin ook oor die vraag: Wat is 'n wettige owerheid? Ds ALA Buys gee dié deel van Holwerda se toespraak in hierdie artikel weer.**

### Mag en gesag

Dit is noodsaaklik om tussen 'dunamis' (feitlike mag) en 'exousia' (wettige gesag) te onderskei. Die Skrif hou hierdie twee uit mekaar. Feitlike mag het te doen met geweld. Selfs inbrekers en bendes beskik oor hierdie 'mag'. Wettige gesag is daar waar God, die hoogste Soewerein, 'n aanstelling maak en volmag verleen. 'Dunamis' is slegs feitlike geweld. 'Exousia' daarenteen is wettige gesag. Die wettige owerheid het die reg om bevele te gee vanweë die goddelike opdrag daartoe.

### Regering vanuit die buiteland

'n Eenvoudige voorbeeld maak die verskil tussen feitlike mag en wettige gesag duidelik. In die tweede wêreldoorlog was die 'dumanis' van Duitsland en Japan tydelik oorweldigend. Talle lande het besette gebied geword. Die Nederlandse regering het na Londen uitgewyk.

Daarmee is sy 'dunamis', sy magsapparatuur, uitermate beperk. Die regering kon in Londen min doen om oortreders te straf en goeie burgers lof te gee. Sy wettige gesag het egter gebly. Die Nederlandse burgers het deur die radio bevele van sy wettige regering ontvang. Sodoende het die regering sy opdrag bly uitvoer volgens sy bevoegdheid om bevele te gee.

Selfs toe die regering nie meer die sterk arm van die gereg gehad het nie, het hulle nog steeds hulle goddelike opdrag uitgevoer. Want God het nie die regering se 'exousia' weggeneem, toe Hy in sy toorn die regering se 'dunamis' beperk het nie. Die uitoefening van gesag is nie onderbreek nie, ook al het die magsmiddele van die regering te kort geskiet.

'n Mens moet dus onderskei tussen 'dunamis' wat God toelaat, en 'exousia' wat Hy verleen met daarmee gepaard gaande opdragte. Prinsipiële weerstand teen die onwettige 'dunamis' is nie rewolusionêre verwerping van gesag nie, maar die betoon van trou aan die wettige owerheid.

### Onderskei mag en gesag

Mense het in die oorlogstyd uit die Skrif probeer aantoon dat prinsipiële weerstand teen die Duitse besetting as ongehoorsaamheid jeens God gebrandmerk moet word. Hulle het veral na Jeremia en Daniël verwys en sommige landgenote in groot verwarring gebring.

Wat was hulle fout? Hulle het die vraagstuk van die wettige gesag vanuit die feitlike magsituasie benader. Hulle het die kwessie van 'exousia' vanuit die 'dunamis' beantwoord. Dit wil sê: Hulle het die antwoord op die vraag na die wettige gesag in die feite van die dag gesoek. Toe wys hulle ten onregte op die 'voorbeelde' van Jeremia en Daniël. 'n Mens mag nie so 'n direkte vergelyking maak tussen Nederland se besetting deur Duitsland en Israel se ballingskap nie. 'n Mens mag nie vanuit die feite profeteer nie.

Ander mense het die magsontplooiing van Hitler as 'n teenvoeter teen die kommunistiese bedreiging gesien. Hulle het vanuit dié feit die bedoeling van God met die gebeure probeer aantoon. Hulle maak dieselfde fout as die bogenoemde 'profete'. Hulle verhef die Duitse besetter (die 'dunamis') tot 'wettige mag' ('exousia'), terwyl die Here die bevoegdheid van die wettige regering nie weggeneem het nie. Die land was *beset*, nie *geannekseer* nie. God wat die regering nie afgesit het nie, het in oorlogstyd onderwerping aan die wettige owerheid bly eis.

### Gesag ter wille van God se koninkryk

Die Nederlandse regering het vanuit Engeland die stryd teen die besettende mag voortgesit. Dit was geen kansspel nie, maar voortsetting van sy goddelike opdrag. Elke bomwerper is ingeskakel in die worsteling om die verlore 'dunamis' vanuit die bestaande 'exousia' te herwin, ten einde sodoende rus en orde te herstel. Die regering het sy taak in diens van Jesus Christus volbring. Hulle het gestry vir stilheid en rustigheid, sodat godsaligheid en eerbaarheid weer sou kon opbloei. Die doel was: die beveiliging van preekstoel en doopvont.

Die prediking van die kerk oor die amp van die owerheid is geen brutale inmenging in die staat se sake nie. Dit is 'n stryd met geestelike wapens, 'n worsteling, in opdrag van God, om die regmatige plek van die evangelie in hierdie wêreld. God wil dat alle mense salig word en tot kennis van die waarheid kom. Hy, die Saligmaker, wil dat die kerk deur 'n beskermende kring van swaarde omring word. Het God dan nie ter uitvoering van sy verlossingswil na sy welbehae die geestelike en die wêreldlike swaard nou aan mekaar verbind nie?!

---

# 'DIE HEILIGE GEES EN ONS' (1)

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**November is vir Die Gereformeerde Kerke in ons land sinode-maand. Die kerke kom landwyd in partikuliere sinodes byeen. Hulle samekoms in die nasionale sinode sal DV in Januarie 2000 plaasvind. Al hierdie kerklike vergaderings moet besluite neem. Wat belowe die plaaslike kerke om met dié besluite te doen?**

Die opskrif van hierdie artikel kom uit Handelinge 15. Dié hoofstuk handel oor 'n kerklike byeenkoms in Jerusalem. Waarom is hierdie vergadering gehou? Watter samekoms was dit? Hoe het die vergadering tot sy besluit gekom? Waarom mog die broeders uitspreek: 'Die Heilige Gees en ons het besluit' (vers 28)?

Watter betekenis het die besluit-vorming in Jerusalem se samekoms vir die kerk van alle lande en tye? Mag ons vandag nog sê: 'Die Heilige Gees en ons het besluit'? Kom ons bespreek eers hierdie vrae agtereenvolgend. In aansluiting hierby volg die beantwoording van die vraag in die vet gedrukte deel onder die opskrif.

## Die middelmuur ... afgebreek

Die Here vergader sy kerk sedert die roeping van Abram net in die volk wat uit Abraham voortkom. Israel is sy enigste verbonds- en kerkvolk. God rig 'n middelmuur op, 'n muur wat skeiding maak tussen Israel en al die ander nasies in die wêreld. Hy straf die volke na hulle toringbou in Babel en laat toe 'dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel'.[1] 'Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie.'[2] Die Here stuur die nasies na die toringbou in Babel die wye wêreld in, sonder sy lewend makende Woord.

Die skeiding tussen Israel en die nasies bly vanaf die roeping van Abram baie langer as 'n millennium voortbestaan.[3] Dié toestand verander met die uitstorting van die Heilige Gees op 'n slag. 'n 'Nuwe tyd' breek aan. Christus breek die middelmuur van skeiding af.[4] Die evangelie gaan van Jerusalem uit na Judea, na Samaria en na die uiterste van die aarde.[5] Die Pinkster-kerk word sendingkerk. Ons, afkomstig van heidense voorgeslagte, mag in die nuwe bedeling lede van Christus se liggaam wees. Ons is in vergelyking met ons ongelowige voorouers onuitspreeklik bevoorreg.

Die gemeente in die Siriese stad Antiochië is die eerste christelike kerk met groot getalle lidmate van Joodse en heidense afkoms.[6] Hierdie kerk stuur Paulus en Barnabas uit om sendingwerk te verrig. Na hulle terugkeer van die eerste sendingreis ontstaan daar 'n kerklike probleem ...

## Kerkstryd in Antiochië

Handelinge 15 begin met die mededeling dat enkele Judese broeders in Antiochië leer: As die christene van heidense afkoms nie besny word nie, kan hulle nie gered word nie (vers 1). Die pad na Christus loop volgens die Judese broeders via die onderhouding van die seremoniële wette van Moses.

Paulus en Barnabas weerstaan hulle (vers 2). Hulle verkondig: Die seremonies en heenwysings van die outestamentiese wet het met die koms van Christus opgehou; alle voorafskaduwing van die Heiland het na sy koms in die wêreld tot 'n einde gekom.[7] Daar ontbrand 'n hewige kerkstryd in Antiochië. Moet christene uit die heidendom die seremoniële wette onderhou? Ja, sê die Judeërs. Die sendelinge antwoord: Nee!

Wat moet die kerk onderneem om hierdie geskil op te los? Lidmate hardloop nie in hierdie moeilike situasie weg nie. Die kerk is immers nie 'n klub waarby mense vrywillig aansluit en waarvan die lidmaatskap ewe vrywillig beëindig kan word nie. Nee, die christene in Antiochië lewe as lede van Christus se liggaam. Hulle bly trou aan die gemeente waarin die Hoof van die kerk hulle saam verbind het.

*Lidmate hardloop nie in hierdie moeilike situasie weg nie.*

Die gelowiges voel wel ongelukkig, want hulle kan nie self die geskil oplos nie. Geestelik hulpbehoewend besluit hulle om 'n deputasie na Jerusalem te stuur. Die oudste christelike kerk is daar. Tot die lidmate daarvan behoort die apostels en ouderlinge. Antiochië vaardig Paulus en Barnabas en 'n paar ander af na die kerk van Jerusalem in verband met die vraagstuk (vers 2). Antiochië soek hulp by sy susterkerk, in die eerste klein christelike kerkverband.

Hiermee is die eerste vraag wat ek hierbo gestel het, beantwoord. Waarom is die vergadering wat in Handelinge 15 beskryf is, gehou? Antwoord: Om die geskil in die kerk van Antiochië op te los deur 'n uitspraak te gee oor die vraag of die christene uit die heidene na die uitstorting van die Gees verplig behoort te word om die seremoniële wette te onderhou.

---

1 Hand 14:16.
2 Ps 147:20.
3 Die Nederlandse *Bybelse encyclopaedie* (Kampen: Kok, 1950, *s.v.* Abraham) dateer die roeping van Abram omstreeks 2000 voor die geboorte van Christus.
4 Ef 2:14.
5 Ooreenkomstig die opdrag in Hand 1:8.
6 Hand 11:19-30; 13:1-3; 14:26-28.
7 NGB, art. 25.

## Die vergadering in Jerusalem

Lyk die samekoms in Jerusalem enigsins soos 'n klassis of sinode waarin gereformeerde kerke byeenkom? Die vergadering wat in Handelinge 15 beskryf is, verskil in drieërlei opsig van ons meerdere vergaderings. Eerstens is die byeenkoms in Jerusalem nie - soos ons meerdere vergaderings - deur 'n gelyke getal afgevaardigdes uit elke kerk of kerklike ressort saamgestel nie. *Enkele* afgevaardigdes uit Antiochië vergader saam met *die apostels en alle* ouderlinge van Jerusalem (vers 6). Dit is dus nie 'n samekoms van afgevaardigdes soos in gereformeerde kerke nie.

Tweedens staan die apostels, wat saam met die ouderlinge die vergadering lei, onder die inspirerende leiding van die Heilige Gees. Afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering word nie deur die Gees geïnspireer nie, maar op gelowige gebed deur Hom geïllumineer, verlig om die Woord in vandag se situasie te verstaan.

Derdens ontvang die apostels gesag oor alle gemeentes. Hulle mag sowel in Jerusalem as in Antiochië en in alle ander kerke gesaghebbend optree. Gereformeerde dominees en ouderlinge se gesag strek nie oor alle kerke nie. Hulle gesag is beperk tot die plaaslike kerk waarin hulle dien.[8] Weens hierdie ingrypende verskille tussen die samekoms in Jerusalem en ons meerdere vergaderings mag dié twee nie gelykgestel word nie.

> *Gereformeerde dominees en ouderlinge se gesag strek nie oor alle kerke nie.*

Hoe uniek die byeenkoms in Jerusalem ook al is - die Heilige Gees gee in Handelinge 15 wel insig in die betekenis van ons samelewing in kerkverband. Antiochië soek vir die oplossing van die geskil, wat in sy midde ontstaan het, hulp by die susterkerk van Jerusalem. Jerusalem gee die gevraagde hulp. So tree christelike kerke van alle tye op. Hulle gee liefdevol vir mekaar om en staan mekaar by in die diens van die Here.

Die hedendaagse kerke kan verder uit Handelinge 15 leer hoe om geldige besluite te neem.

## Die eeue ou Woord beslis

Hoe kom die samekoms in Jerusalem tot sy besluit? Handelinge 15 deel dit noukeurig mee. Sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs herhaal die eis wat die Judese broeders reeds in Antiochië gestel het (vers 5). Moet die seremoniële wette, wat Israel eeue lank onderhou het, na die uitstorting van die Gees nog onderhou word? Hierdie vraag word behandel (vers 6).

Na 'n groot woordewisseling praat die apostel Petrus (verse 6-11). Hy herinner aan die bekering van die Romeinse hoofman Cornelius en vertel dat Cornelius en die syne net soos hulleself die Heilige Gees ontvang het. Na Petrus neem Barnabas en Paulus die woord. Hulle vertel van die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidene gedoen het (vers 12).

Die reaksie op die redevoerings van Petrus, Barnabas en Paulus? Stilte ... Die hele menigte swyg (verse 12 en 13). Hulle keur die toesprake nie goed of af nie. Waarom nie? Die drie broeders wat gepraat het, het net feite vermeld. Feite mag egter nie in die kerk tot norme verhef word nie. Die Woord van God is nog nie in die vergadering oopgemaak nie. Daarom is die broeders nie ryp om 'n God welgevallige besluit te neem nie!

In hierdie stilswye hoor ons die eerbied vir God en sy Heilige Skrif. Nie feite nie, maar die Woord moet die beslissende stem oor die geskil in Antiochië gee. Al is die Skrif van daardie dae, die Ou Testament, eeue oud (die laaste profeet, Maleagi, het omtrent vierhonderd jaar gelede opgetree) - die Woord bly vir hulle aktueel en gesaghebbend. Nie 'n veranderde situasie nie, maar die Skrif, die eeue ou Woord van God, sal moet beslis oor wat die vergadering moet besluit.

Na Petrus, Barnabas en Paulus kom Jakobus aan die woord. In sy toespraak (verse13-21) verwys hy eerstens na die woorde van die profete (meervoud) om aan te toon dat die afbraak van die middelmuur tussen Israel en die heidense nasies reeds in die Ou Testament aangekondig is (verse 15-17). God het reeds by die oprigting van daardie muur, by sy roeping van Abram, aan hom belowe: 'in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word'![9] Dié belofte word vanaf die Pinksterdag vervul.

Jakobus wys vervolgens op die wette van Moses wat in die nuwe bedeling van krag bly (vers 21). In sy voorstel en in die inhoud van die besluit word die onderhouding van die eerste gebod beklemtoon. Christene uit die heidene moet hulle onthou van afgodsoffers. Dit is nie geoorloof om hulle aan seremoniële wette, wat in Christus vervul is, te bind nie (verse 19-20, 24 en 29).

In Jakobus se toespraak kom die Woord aan die woord. Moses en die profete praat in en oor die 'nuwe tyd' waarin die kerk vanuit Israel in alle volke geplant gaan word. Nou is die vergadering gereed om te sê: 'Die Heilige Gees en ons het besluit' (vers 28) ... Dit sê hulle nie op grond van die inspirasie van die apostels nie. In daardie geval sou Petrus se toespraak reeds die deurslag gee. Hulle verbind hierdie uitspraak aan Jakobus se beroep op Moses en die profete. Die Heilige Gees, sy eeue ou Woord, beslis oor die geskil in Antiochië.

Die Here gee in Handelinge 15 aan elke kerklike vergadering die reël vir die neem van besluite. Elke besluit wat op die Heilige Skrif gegrond is, word in die hemel goedgekeur. 'Die Heilige Gees en ons het besluit.' Elke besluit wat in stryd is met die Skrif, is wel ons besluit, maar nie die Heilige Gees s'n nie.

## 'n Besluit vir alle kerke

Die vergadering in Jerusalem het tot 'n verreikende besluit gekom. Die besluit om op christene uit die heidene 'verder geen las te lê nie' (vers 28) is nie slegs in Antiochië van krag nie. Paulus dra op sy tweede sendingreis die besluit aan alle bestaande kerke oor. Almal moet dit onderhou.[10]

Een van die grootste probleme wat sendelinge ondervind, is die neiging van 'bekeerde' heidene om die christelike godsdiens met die ou heidense geloof te vermeng. Dit gebeur uit angs dat die heidense gode hulle sal straf, of uit sosiale en ekonomiese oorwegings (om nie deur die samelewing verstoot te word en die ambag te verloor nie). Die kwaad van sinkretisme bly ook op die eerste christelike sendingveld voortdurend kop uitsteek. Die Korintiërs word aan die besluit van Handeling 15 gebind in die vermaning om

[8] NGB, art. 30.
[9] Gen 12:3.
[10] Hand 16:4.

hulle van afgodsoffers te onthou.[11] Johannes sluit sy eerste sendbrief af met die woorde: 'My kinders, bewaar julleself van die afgode'.[12]

Die laaste Bybelboek verwys nog na die 'geen-ander-las-besluit' van Handelinge 15. Die verheerlikte Christus laat Johannes aan sy kerk van Tiatira skryf: 'Ek sal op julle geen ander las lê nie'.[13] Sy volk hoef geen seremoniële wette te onderhou nie. Hulle moet wel afgodsoffers afsweer. Die besluit van die vergadering in Jerusalem bly geldig.

## Vas en bindend, tensy ...

Die akkoord wat die kerke op die Sinode van Dordrecht in 1619 aanvaar het, stem noukeurig ooreen met wat die Here in Handelinge 15 openbaar. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings bring geloofsbriewe saam.[14] Die kerke wat hulle stuur, bind al die lede van die vergadering aan die Skrif, die belydenis en die Dordtse kerkorde.

Verder belowe die kerke in artikel 31 van dié kerkorde: Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, sal as vas en bindend gehou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of met die kerkorde.

Met ander woorde: As die Heilige Gees en die meerdere vergadering besluit het, sal die kerke dit as geldig aanvaar. Besluite wat sonder die Heilige Gees geneem is, in stryd is met die deur Hom geïnspireerde Skrif, word ongeldig verklaar. Ons mag immers nie afwyk van wat Christus vir ons ingestel het nie.[15] Die belydenis dat Hy ons enigste Meester en Here is,[16] word kerklik gehandhaaf in die reël van artikel 31: Die kerke en al hulle lidmate hou kerklike besluite as vas en bindend, tensy ...

## Jesus Christus, die enigste Hoof

Om die belofte in artikel 31 na te kom, behoort mindere vergaderings die besluite van die meerdere vergaderings te *toets*. As hulle dit nie doen nie, ken hulle aan besluite van meerdere vergaderings met die daad 'meer mag en gesag toe as aan die Woord van God'.[17] Calvyn prys die toets van kerklike besluite as volg aan: Ek sou 'graag wou hê dat die besluit waaroor gehandel word, noukeurig aan die Skrif getoets word - en dit op so 'n manier dat die besluit van die konsilie sy eie gewig moet dra en as 't ware 'n voorwaardelike oordeel moet wees sonder om die ondersoek (deur die mindere vergadering) ... te belemmer ... So sou dit geskied dat konsilies die majesteit wat daaraan verskuldig is, het en tog sou die Skrif intussen 'n hoër plek inneem, sodat daar niks sou wees wat nie aan die rigsnoer daarvan onderwerp sou wees nie'.[18]

Iemand vra: Is die toets van besluite wat gereformeerde broeders saam geneem het, nodig? Getuig die toets nie van 'n gees van wantroue nie? Calvyn beantwoord hierdie vrae met verwysing na die kerklike vergadering wat 'teen Christus versamel het ... "Maar, (sê iemand), "daar is geen gevaar dat so iets met ons kan gebeur nie." Wie het ons daarvan verseker? Want om in so 'n belangrike saak te onbesorgd te wees, beteken om skuldig te wees aan argeloosheid'. Calvyn wys in aansluiting hierby op die profesie 'dat afvalligheid sal kom' en merk fynsinnig op: Wanneer die Here ons 'op die gevaar wys, doen Hy dit om ons versigtiger te maak'.[19]

Kerke en lidmate wat Jesus Christus as hulle enigste Hoof erken, bely: Die waarheid is bo alles, ook bo besluite van kerklike vergaderings.[20] Hulle toets kerklike besluite. So wandel hulle belydend in die voetspore van Calvyn en die gereformeerde kerke kort na die Reformasie van die sestiende eeu.[21] Besluite wat skriftuurlik gegrond is, word kerklik aanvaar en uitgevoer. Besluite wat nie met die Skrif ooreenstem nie, is ongeldig en mag nie 'n oomblik as geldige besluite aanvaar en uitgevoer word nie. Ware kerke verwerp alles wat met die Woord in stryd is.

Word artikel 31 van die kerkorde in die GKSA sorgvuldig onderhou? Tree alle kerke ooreenkomstig die Woord van God in Handelinge 15 op? Hierdie vraag word DV die volgende maand behandel.

---

11 1 Kor 10:18-22.
12 1 Joh 5:21.
13 Op 2:24.
14 KO, art. 33.
15 NGB, art. 32.
16 Joh 13:13; vgl. Matt 23:8 e.a.
17 NGB, art. 29.
18 J Calvyn *Institusie van die christelike godsdiens* (vertaling HW Simpson), 4. Potchefstroom: CJBF, 1991, 4.9.8, p. 1454.
19 *Ibid.*, 4.9.7, p. 1453.
20 NGB, art. 7.
21 GJ Meijer *Ratifikasie in die gereformeerde kerkreg*. Potchefstroom: PU vir CHO, 1995, p. 22-28, 82-89. Sien ook die verwysings na literatuur in hierdie M-verhandeling.

## VAN DIE ADMINISTRASIE

*Rekeninge word nie in afsonderlike koeverte gestuur nie ten einde die bedrag van die intekening so laag moontlik te hou.*

*Lede wat hulle intekening in 1999 nog nie vereffen het nie, sal die blad weer ontvang nadat hulle aan hulle verpligting voldoen het.*

*Die intekening wat hierdie jaar R 60.00 bedra, moet weens verhoging van papierpryse en postariewe tot R 70.00 vir die sesde jaargang verhoog word. Die lesers word vriendelik versoek om hierdie bedrag so spoedig moontlik te betaal.*

# DIE PASTOR VAN DIE PRESIDENT

**Ds JM van Tonder**, Krugersdorp-Wes

Met bewondering en agting sien ds Petrus Postma hoe die bonkige man deur die tuinhekkie kom van die pastorie. Toe hy voor Postma staan, kom die woorde soos 'n pleit: Petrus jy moet my uithoor vandag. Ek het 'n benoudheid in my oor ons volk wat God aan my toevertrou het. En Postma, die herder van die Staatspresident van die ZAR, luister geduldig.

Soos sovele male tevore is hy verbaas hoe Paul Kruger by elke geleendheid nuwe skatte kan put uit die Woord van die Here. *Het Woord Gods was voor hem het wetboek, de profetieën der Schrift, de poolster in duistere dagen, de diepzinnige symboliek in Gods Woord diende hem menigmaal tot verklaring der waarheid.* So skryf ds Postma oor Kruger.

As predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria was ds Petrus Postma ook predikant van die President. In sy herinneringe oor die President skryf hy die volgende.

In die wordingsjare van die ZAR was dit Paul Kruger wat met sy kragtige versoenende politiek menigmaal intree om die volk van ondergang te red. Daar was duistere dae waarin hy soms in afsondering was soos 'n Moses worstelend met God vir die heil van die volk. Worstelend om lig te kry op die weg wat hy moet gaan.

Toe die oorlogswolke saampak, het hulle hom leer ken as die christen-staatsman, die man van gebed wat na die wil van die Here vra. Nooit het dit by hom oor Kruger die regeerder gegaan nie maar oor sy heilige roeping waarvan hy so bewus was dat dit 'n Godsopdrag is wat hom opgelê is. Met elke gesprek het dit na vore gekom: Wat is plig? Wat sal tot heil van die volk wees? Wat is God se wil?

In sulke dae van worsteling is daar werklik 'n innerlike stryd gestry. Dis in sulke tyd wat die President die straat oorstap na die pastorie toe wat oorkant sy huis was langs die kerkgebou. Die ure saam met hom het 'n onuitwisbare indruk op Postma gemaak. Hy kan hom nog hoor in sy erns:

> *Ik wil den vrede! Ik wil daartoe alle maatregelen, maar wee mij! als ik iets van de rechten van Gods volk zal prijs geven! Ik moet eens verschijnen voor den Koning de koningen en dan het vonnis: Gij waart ontrouw!*

Daarom, so sê Kruger, sou hy 'n vloek op hom laai indien die onafhanklikheid deur hom geskend sou word.

Na so 'n gesprek, wat uiteindelik maar 'n ontboeseming van sy worsteling was, kon die dominee saam met hom soek na antwoorde in die Skrif en vra hy vir Postma om vir hom te bid. *O! dit waren oogenblikken, die mij gansch mijn leven in herinnering blijven,* skryf Postma hieroor.

Toe die oorlog uitbreek was Kruger 'n toonbeeld van werkkrag en geloofsmoed. Toe die een slag na die ander gelewer word en die lot van die land in die weegskaal was, was hy waarlik die hoofbestuur. Nagte was hy deurentyd wakker. Die telegramme het enige tyd gekom en na oomblikke van oorweging is die nodige bevele gegee. En menigmaal moet die predikant by wees om saam te oorweeg wat sou reg wees volgens God se Woord. Die Here het dit beskik dat daar in die persoon van ds Petrus Postma vir hierdie godvresende Staatsman 'n geesgenoot kon wees wat hom in vertwyfeling moed kon gee, in sy worsteling kon ondersteun en aan wie hy sy diepste hartenood kon uitlê. In hierdie tyd is proponent JD du Toit (Totius) ook in die gemeente en neem van die preke waar.

Tydens die langdurige stryd by Spioenkop was Postma vele nagte by hom. In die nanag van 23 Januarie 1900 toe die sterre al bleek geword het, is Postma eers huistoe terwyl die President in sy huis rond beweeg, wagtend op inligting. Al die berigte het laat blyk dat dit vir die burgers verlore is. Maar toe Postma vroeg die volgende môre daar kom, vind hy die President aangedaan en dankbaar. Die burgers het in die nag Spioenkop verower. Die gryse President kon nie woorde vind om Gods werk te besing nie. Sy eerste woorde aan Postma was: *De Heere heeft voor ons gestreden. De vijand heeft, men weet niet hoe of waarom, de kop verlaten; de verschrikking des Heeren is op hen gevallen!*

Vanaf Maart het die druk al swaarder op hom gekom en het hy voortdurend gevra dat Postma by hom moet wees. Telkens die worsteling: Wat wil die Here, nie die mens nie. Op die kerkraadsvergadering van 6 Julie 1900 word besluit dat in die gebede in die erediens wanneer vir die burgers gebid word, niemand by die naam genoem sal word nie, maar dat die Staatspresident en die Kommandant-Generaal by naam genoem moet word.

En toe kom die tyd dat Kruger uit Pretoria moes, want die Engelse kom. Baie mense was die dag in die presidentswoning, ook Petrus Postma, die pastor wat soveel met hom deurleef het in die maande wat verby is. Vermoedelik wou Postma enkele dae daarna vir Kruger te velde gaan besoek, want op die kerkraadsvergadering van 6 Julie 1900 maak hy bekend dat hy 'n tyd uit die gemeente afwesig sou wees. Dit het egter anders uitgewerk. Die President het die Engelse ontkom. Dan maar die hande slaan aan die man wat so na aan hom was. Postma word gearresteer en na Ceylon verban.

Omdat Kruger met soveel oortuiging die werk van God in alles aanvaar het, kon hy ook met kalm geloof sy ballingskap aanvaar. Die verpletterende berig van vrede sluit met die vyand het hom nie opstandig gemaak nie, maar met vaste geloof sê hy by die aanhoor daarvan: *De Heere kent zijn tijd.*

In ballingskap het hy steeds bly worstel: Wat is reg by God vir die volk. Daaroor soek hy steeds lig by sy pastor van die oorlog. Menige brief word na Postma gestuur waarin hy sy hart uitstort hieroor. In een van die briewe vra hy dat Postma tog vir hom 'n verklaring van Esegiël 36:26-38 en van Joël 2:13 moet gee. Vir hom is dit duidelik dat die uiterlike en geestelike verlossing van die volk saamgaan met 'n ware terugkeer van die volk tot God. Hoewel hulle ver van mekaar geskei is, bemoedig Postma hom steeds in die een brief na die ander.

Op 16 Desember 1904 het ds Petrus Postma sy laaste diens aan sy ou staatshoof bedien. Net na die son se lig oor Pretoria begin skyn, om 06:00, begin die kerkklokke te beier vir die begrafnis van Stephanus Johannes Paulus Kruger. Daardie dag was daar 30 000 mense in Pretoria vir die geleentheid. Die Britte kon die agting vir Kruger by die Afrikaner nie breek nie. Die middag om 15:30 begin die begrafnisdiens wat deur die predikante van die drie Afrikaanse kerke waargeneem word: P. Postma van die Gereformeerde Kerk, H. Bosman van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk en C W du Toit van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Wat sou alles deur Postma se gedagtes gaan. Die nagte saam, die worsteling, die soms twyfel, die opgewondenheid oor oorwinnings. Postma doen 'n beroep op die leiers om soos Kruger nooit vir God te vergeet nie.

En soos die sonlig wegraak oor Pretoria word 'n stuk geskiedenis in die lewe van die pastor van die Staatspresident afgesluit.

# DIE PENTATEUG ONDER SKRIFKRITIEK

Prof JD du Toit, (Totius)

**Totius handel in sy reeks oor Skrifkritiek ook oor die menslike outeur van die eerste vyf Bybelboeke. Hy self dink - in lyn met die eeue-lank tradisie - aan die outeurskap van Moses. Ander gereformeerde teoloë soos prof Aalders van die Vrye Universiteit (Amsterdam) stem nie met hierdie standpunt saam nie. Hulle meen op grond van getuienisse in die boeke Genesis tot Deuteronomium dat Moses nie die skrywer van die Pentateug was nie. Hulle aanvaar wel die datering van die wette in die tyd van Moses en eerbiedig die Tora as Godsopenbaring. Totius oordeel: In hierdie meningsverskil kan en mag ek my broeder nie as' Skrifkritikus brandmerk nie. Wat is dan wel Skrifkritiek op die Pentateug? Hierdie vraag kry aandag in die artikel wat in *Die Kerkblad* van 16 September 1930 (nommer 679) verskyn het.**

As die Skrif self duidelike uitsprake bevat aangaande die herkoms van sekere boeke of gedeeltes daarvan, dan moet ons ons onvoorwaardelik aan dié uitsprake onderwerp. Wie hom dan ook nié aan dié uitsprake wil onderwerp nie, staan nie meer op regsinnige standpunt nie maar gaan tot die terrein van die Skrifkritiek oor. Natuurlik verstaan ons hier die term Skrifkritiek in ongunstige sin, in dié sin dat deur die mens se natuurlike verstand kritiek geoefen word op die inhoud van die Skrif.

## Die vier bronne-teorie

Laat ons dan nou nagaan hoe op die terrein van die Skrifkritiek opgetree word teenoor die Heilige Skrif. Ons neem as voorbeeld die eerste vyf Bybelboeke.

Resultaat van die Skrifkritiek is dat in die Pentateug (5 boeke van Moses) aangeneem moet word die bestaan van selfstandige bronne, of liewers dokumente, wat later tot 'n eenheid verwerk is. As vernaamste bewys vir die bestaan van sodanige dokumente moet dan dien die afwisselende gebruik van die Godsname *Jahwe* (= HERE) en *Elohim* (= God). Volgens die kritiek was daar aan die werk 'n Jahwis en 'n Elohis, ja, selfs twee Elohiste. Die eerste Elohis se geskrif word dan met die naam Priesterkodeks aangedui.

Daar Moses ook van Deuteronomium nie die skrywer is nie, volgens hierdie teorie, kom daar nog 'n skrywer by, die Deuteronomis. Laasgenoemde boek sou dan sogenaamd saamgestel wees om die hervorming van koning Josia te steun,[1] en die 'vind' van die Wetboek, waarvan die Skrif spreek, sou niks anders as 'n 'handige komedie' gewees het nie!

In hierdie doolhof sal ons die leser nie verder inlei nie. Vir ons doel is dit nie nodig nie. Alleen moet ons nog vermeld wat as 'vasstaande resultaat' van die Skrifkritiek geld ten opsigte van die jaartalle waarin die vier 'geskrifte' sou ontstaan het. Die Skrifkritiek het as resultaat hierdie volgorde aangegee: (1) Jahwis (J) omtrent 850 voor Christus; (2) Elohis (E) omtrent 750 voor Christus; (3) Deuteronomis (D) 620 voor Christus en (4) Priesterkodeks (P) omtrent 450 voor Christus.

In plaas daarvan dat vir die wetgewing die jaar 1492 voor Christus vasgestel word, die tyd toe Israel by Sinai gelaer het, moet ons nou, volgens die Skrifkritiek, met die wetgewing verhuis na die jare 620 en 450 voor Christus! Wat 'n sprong! En as Moses, deur genadige vergunning van die Skrifkritici, nog deel mag kry aan die saak, dan moet dit beperk word tot enkele kernpunte van die wetgewing wat op sy naam staan.

## 'Gematigde' Skrifkritiek

Kittel, die oorlede outoriteit op hierdie gebied, 'n man van gematigde oordeel onder die Skrifkritici, sê in sy *Gestalten und Gedanken in Israel* dat teenoor die Christelike tradisie wat

[1] 2 Kon 22:8.

# OORLOGSMERK OP DIE GEREFORMEERDE KERKE

Net meer as 9% van die die sieletal van Die Gereformeerde Kerke het gesterf in die Vryheidsoorlog. Dit was 43 jaar na die stigting in 1859. Volgens die stastiek van 1899 was daar 'n sieletal van 23 735. In die Kerkalmanak van 1905 van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verskyn die volgende berig:

> Nou moet 'n treurige bladsy in ons Àlmanak volg. Die Àlgemene Vergadering van ons kerke het dit goed geag om ter ere van die nagedagtenis van ons dapper manne, vroue en kinders, wat in die bloedige stryd hulle leve moes opoffer, die getalle in die Almanak op te gee. Weemoed vervul ons hart, veral wanneer ons die groot getal onskuldige kindertjies sien wat gesterf het in die kampe. Ons dink aan Matt 2:17, 18: "Toe is vervul wat gespreek is deur die profeet Jeremia, 'n stem is in Rama gehoor, 'n geklaag en geween en veel gekerm: Ragel beween haar kinders en wil nie getroos word nie.
>
> Ons lê die hand op die mond en swyg onder die wil van onse Hemelse Vader, sonder Wie se wil of toelating niks kan geskied op aarde.

Hierna volg 'n uiteensetting van sterftes uit elke gemeente. Uit die Transvaal het daar 154 mans in die oorlog, 129 in kampe, 142 vroue en 849 kinders gesterf. Uit die Oranje Rivier-Kolonie 48 mans in die oorlog, 450 in kampe, 51 vroue en 194 kinders. Uit die Kaap-Kolonie 13 mans, 9 in kampe en 14 kinders. Dit is 903 manslidmate, 190 vrouelidmate en 1 157 kinders.

Hierdie gegewens is saamgestel deur ds PJ de Klerk van Johannesburg in 'n publikasie: *Gesneuvelden en gestorvenen van de Gereformeerde Kerken in Zuid Afrika gedurende den Oorlog 1899-1902.*

Moses aanvaar as die skrywer van die hele Pentateug, die opvatting staan dat Moses *glad nie* 'n wetgewer was nie! Hy gaan dan voort om sy eie gevoele kenbaar te maak en sê op bladsy 333: "Ons besit vandag drie wetboeke wat gesamentlik op Moses self teruggevoer word: die sogenaamde Bondsboek in Ex 20:22-23:19, die Deuteronomium in die vyfde boek van Moses en die sogenoemde Priestergeskrif in die laaste gedeelte van Exodus, in Levitikus en 'n deel van Numeri. Dat hierdie pretensie nie reg is nie, het geen besondere bewys nodig nie. 'n Gans ander vraag is dit egter of sommige bestanddele van al drie, laat dit groter of geringer wees, nie op Moses self teruggevoer moet word nie. Hulle (dié bestanddele) is dan deur die volgende geslagte opgeneem, volgens hulle behoeftes omgewerk en deur toevoeginge vermeerder, totdat dié bestanddele ná eeue die vorm verkry het waarin ons hulle voor ons sien as bewonderenswaardige gedenkteken van die gees waaruit hulle gevloei het".

Die leser sien dus wat die resultaat is van die Skrifkritiek selfs in sy gematigde vorm. Net enkele 'bestanddele' van die wetgewing kan van Moses afkomstig wees. Dat egter die menigvuldige wette soos hulle vervat is in Exodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium, nie deur bemiddeling van Moses tot stand gekom het nie, hoef nie eens, volgens Kittel, besonderlik bewys te word nie!

## Verwerping van duidelike Skrifuitsprake

Maar hiermee stel die hedendaagse Skrifkritiek hom dan ook pertinent teenoor die duidelikste uitsprake van die Heilige Skrif. Duidelik sê die Skrif: "Die HERE het met Moses gespreek en gesê" ... en dan volg telkens die wette. Laat die leser maar self nagaan hoe baiekeer hierdie formule, of iets wat daarmee gelyk staan, in die boeke Exodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium voorkom. Laat hy ook ag gee op plekke waar besonderlik die Mosaïese herkoms beklemtoon word. In Lev 7:37-38, byvoorbeeld, lees ons: "Dit is die wet vir die brandoffer, die spysoffer en die sondoffer en die skuldoffer en die wydingsoffer en die dankoffer wat die HERE *Moses by die berg Sinai beveel het, op die dag toe hy die kinders van Israel in die woestyn Sinai* beveel het om hulle offers aan die HERE te bring".

Van sulke feite kan die Skrifkritikus alleen loskom deur te sê: My gesonde verstand of my rede of my wetenskap of my insig in die feite verhinder my om aan te neem dié uitsprake van die Skrif wat sê dat die ganse wetgewing van Israel deur die diens van Moses tot stand gekom het. Die mens se verstand of wetenskap word dus gestel teenoor die ewige en blywende Woord van God!

## Reduksie van Skrifgesag

Natuurlik moet die Skrifkritikus homself regverdig deur verder te sê dat die Heilige Skrif aan ons gegee is *tot saligheid* en nie om op onfeilbare wyse allerhande *historiese of oudheidkundige besonderhede* aan ons bekend te maak nie! Hierdie redenering word dan ook allerweë verneem. En geen wonder nie. Wie eenmaal die vaste bodem van die Skrif verlaat het, moet sulke uitvlugte soek.

Intussen meen ons dat dit volkome duidelik geword het wat Skrifkritiek is. Dit is die verwerping van pertinente uitsprake van Gods Woord, om daarvoor 'n eie mening in die plek te stel. Dat op dié manier die gesag van Gods Woord ondermyn word, hoef ons nie nader aan te wys nie. En dat ons met so 'n kritiek nimmer mag saamgaan nie, is ook direk duidelik. Ons Geloofsbelydenis sê immers aangaande die Heilige Skrif: "En ons glo sonder enige twyfel *alles wat daarin vervat is*".[2]

### Vyandskap teen die Woord

Ter wille waarvan word nou die absolute outoriteit van die Skrif opsygesit? Ter wille van 'n hipotese, 'n onderstelling. Geen mens het ooit 'n dokument gesien wat met die letters J, E, D of P aangedui kan word nie. Die bestaan daarvan is 'n onderstelling van die kritiese wetenskap, 'n onderstelling wat deur tal van feite nie gesteun word nie maar inteendeel geloënstraf word.

Dit is nie alleen uitvoerig aangewys deur ortodokse manne soos Keil, Green, Orr, Wiener e.a. nie maar ook deur manne wat self teenoor die Skrif op suiwer historiese of kritiese standpunt staan. Wie hieromtrent nader ingelig wil wees, moet lees wat prof Aalders geskrywe het in die *Evangelical Quarterly* van Januarie 1930 onder die titel: "The turn of the tide in Pentateuchal criticism". Ons verwys ook na die stukke van 'Spiro' in *Die Weste*, en dié van ds JV Coetzee in *Die Wagtoring*.

Alhoewel die Wellhausenskool met sy splitsing van die Pentateug in J.E.D.P.-bronne nog in die geleerde wêreld die heerskappy voer, is dit 'n teken van die tyd dat 'n skaar van manne uit twee teenoorgestelde kampe hulle meer en meer versit teen daardie 'bronne-splitsing'. Vandaar dat prof Aalders spreek van 'n 'ty-kentering'. Ons kinders sal dan ook hoogs waarskynlik die verdwyning van die Wellhausenteorie aanskou en sal dan wellig die pleit moet voer teen glad ander 'onderstellinge' want die vyandskap teen die Woord van God sal nooit ophou nie. Gelukkig as hulle dan maar vashou aan die uitsprake van dié Woord!

[2] NGB, art. 5.

---

**REDAKSIE**

# ONS EERSTE LUSTRUM

Met hierdie nommer word die vyfde jaargang van *Waarheid en dwaling* afgesluit. Ons vier die eerste lustrum van die blad. Die redaksie kyk dankbaar terug en in geloof vorentoe.

## TERUGBLIK

Broeders het in 'n tyd waarin ons algemene geloof wêreldwyd betwyfel word, die persvereniging 'Veritas' gestig om die waarheid teenoor dwalings te handhaaf en uit te dra. Dié doel mog die blad vanaf die eerste nommer (Augustus 1994) najaag.

Sedert September 1997 funksioneer die bestaande redaksie. Die oorspronklike doelstelling is uitgebrei. Die Woord wat in die kerk verkondig word, moet 'hande en voete kry' in huwelik en gesin, in beroep, wetenskap, politiek, ontspanning, omgang met geld en goed, kortom in die hele lewe. Die redaksie het in die loop van hierdie jaar twee maal met kundiges vergader oor die vraag hoe om die amp van gelowige lewensomvattend te aktiveer.

Ons dank die Here in hierdie terugblik. Intekeninge, donasies, medewerking van skrywers, die versorging van drukwerk en administrasie ... almal liefdegawes en

onbesoldigde liefdewerk. Dié liefde kom nie uit die natuurlike mensehart nie. Die Here bewerkstellig dat sy diens in ons land ook deur hierdie bydraes bevorder word.

## VORENTOE

By die viering van 'n lustrum pas dit om in geloof vorentoe te kyk. Dit het gebeur in 'n byeenkoms met kundiges en 'n vergadering van die redaksie op 23 Oktober. Daar bestaan naas *Waarheid en dwaling* geen gereformeerde blad wat die ontwikkeling van die *hele* lewe in die diens van God beoog nie. Met ons doel **vul ons 'n leemte** in die Suid-Afrikaanse pers.

Ons ideaal? *Waarheid en dwaling* groei stadig tot ten minste drie blaaie uit: 'n *dagblad* (vir die hele gesin) wat gebeurtenisse land- en wêreldwyd in skriftuurlike lig publiseer (teenoor die bestaande wêreldse sensasie-pers), 'n *voorligtingsblad* wat dieper as 'n dagblad op sake kan ingaan en *een of meer beroepsblaaie*. Die norme in die Skrif wat ons in die Sondagse prediking hoor, altans behoort te hoor, word in die gereformeerde pers prakties toegepas. Die pers rugsteun die gelowiges in die konkrete vervulling van hulle profetiese, priesterlike en koninklike roeping.

Om 'hande en voete' aan die norme van die Woord te gee is 'n groot opdrag. Slegs gelowiges wat sowel die Woord as die bestaande praktyke en omstandighede ken, kan dit doen. Gelowige kundiges behoort die opdrag te aanvaar. 'n Aantal van hulle studeer tans. Die groepe hoop om einde Mei hulle eerste resultate te wys. Dit sal dan in ons blad gepubliseer word.

Daar word ook besin oor die geskikste **naam** van die blad. Die doel sal in die volgende nommer onder die naam van die blad verskyn: rugsteun vir die amp van gelowige. Voorstelle insake die naam word verwelkom. Stuur dit asseblief voor einde April aan die administrasie-adres.

Met die oog op wye **bekendstelling** het ons een ding gedoen en onderneem ons nog 'n ander ding. 'n *Pamflet* vir verspreiding is gedruk. Wie aan die verspreiding wil saamwerk, kan die pamflet by die administrasie aanvra. Vermeld asseblief die getal pamflette wat u wil versprei. Die redaksie onderneem om die moontlike gebruik van *elektroniese hulpmiddels* soos die internet vir wyer verspreiding van die blad te ondersoek. Ons sal die lesers op die hoogte hou.

Die redaksie wens die lesers, skrywers, uitgewer en administrasie 'n geseënde nuwe jaar toe. Mag ons as rugsteun vir die amp van gelowige deur die Here gesterk word, tot verryking van sy diens en tot eer van sy Naam.

---

MEDIESE ETIEK

# Die geskiedenis van die begrawe en kremasie van die menslike liggaam II

**Dr JM Boon**, Pretoria

**Ons het verlede keer iets vertel oor die geskiedenis van die hantering van die gestorwe menslike liggaam in die tydperke voor Christus en na Christus. Die geskiedenis vertel dikwels meer oor die praktyke wat ons vandag sien. Dit wat ons vandag sien, word bepaal uit die verlede en die ontwikkeling van gedagtes deur die eeue.**

Die toename in populariteit van die kremering van die menslike liggaam is vandag nie slegs vanweë praktiese redes nie, maar word veral bepaal deur 'n denkwyse wat in die geskiedenis ontstaan en gevorm is.

In hierdie artikel kyk ons na die geskiedenis van die hantering van die menslike liggaam in die tydperke van die Renaissance tot die moderne tyd sowel as vandag.

## Renaissance tot die moderne tyd

Vir baie eeue was die verbranding van dooies nie wettig nie en is deur die owerhede verbied.

Na die Franse rewolusie het al hoe meer stemme ten gunste van verbranding van die liggaam begin opgaan totdat dit teen die einde van die 19de eeu weer in die westerse kultuur 'n plek begin kry het. Dit het stadig ontwikkel totdat die woord kremasie in die vorige eeu gekom het. Dit het gelei tot die moderne kremasie. Kremasie verwys na die verbranding van 'n menslike liggaam by ongeveer 800-1000°C, tot ongeveer 3 kg as.

Die vader van die moderne kremasie was Jacob Ludwig Karl Grimm. Hy het in 1849 'n rede gehou met die titel: 'Uber das Verbrennen der Leichen'. In hierdie rede wys hy daarop dat lykverbranding voor die koms van die christendom die normale manier van versorging van die dooie liggaam was onder die Germaanse volke. Die kerk het mense verplig om te begrawe, selfs die volke wat vroeër verbranding van liggame geken het[1].

Alhoewel hy nie self aktief vir kremasie gepleit het nie, het sy volgelinge hom daarin gevolg. Jacobus Moleschott, 'n Nederlandse dokter, was omstreeks 1850 'n pleitbesorger vir kremasie. Sy pleidooi was ingebed in 'n materialisties-ateïstiese wêreldbeskouing. Hy het slegs die werklikheid van die stoflike erken en het nie die gees as 'n werklikheid erken nie. Daarmee saam was daar 'n teenreaksie teen die christelike opvatttings oor die dood en die lewe.

Veral in Italië het hierdie gedagtes voortgang gekry. Italië word dan ook die moederland van kremasie genoem. Die pleidooi vir kremasie was nie slegs om medies-higiëniese en ekonomiese redes nie, maar ook op die materialisties-ateïstiese sienings in hierdie tyd, gegrond.

In 1869 dring 'n internasionale kongres in Florence aan op kremasie in naam van die openbare gesondheid en wil dit selfs wetlik verplig maak.

Prof Brunetti van Padua Univeristeit in die noorde van Italië maak in 1873 sy resultate van sy kremasie-eksperimente bekend. Sy eerste eksperiment was in 1869 en sy tweede en derde in 1870 in 'n buitemuurse oond.

[1] Douma J. *Rondom de dood.* Kampen: Van den Berg, 1984, p. 143.

In 1873 het die eerste krematorium in Milaan geopen en 'n tweede in 1878 in Gotha, Duitsland. Hierna het dit na ander ander lande versprei.

In Engeland was dit veral Sir H Thompson wat die stryd vir kremasie gevoer het. Hy publiseer in 1874 'n artikel in 'The Contemporary Review' met die titel: 'The treatment of the body after death'. In hierdie artikel staan hy kremasie voor en beskou dit as 'n noodsaaklike maatreël om die verspreiding van siekte te voorkom. Die toestande van begraafplase het volgens hom die verspreiding van siekte moontlik gemaak. Hy stig dan ook die 'English Cremation Society' in April 1874. Sir Henry Thompson was 'n chirurg wat bekendheid verwerf het deur die blaassteen van Koning Leopold van België te verwyder nadat twee ander bekende chirurge daarin gefaal het[2].

In 1881 is die 'United States Crematorium Company' gestig.

Teen 1900 is daar al 1824 kremasies gedoen. Teen die draai van die eeu was daar alreeds talle krematoria in die VSA (reeds 24 in 15 verskillende state) , Europa en Australië.

Daar was egter verset daarteen vanuit die roomskatolieke en protestantse kringe. In 1886 verbied pous Leo XIII kremasie. In Nederland verset die bekende politikus en teoloog Abraham Kuyper hom teen kremasie.

Kremasie tydens noodsituasies soos met aansteeklike siektes is egter nie veroordeel nie.

Ondanks verset open die eerste krematorium in Nederland in 1913, en in 1955 word kremasie saam met die begrawe van die liggaam wetlik moontlik.

In 1825 word begrawing by kerke in Nederland verbied weens gesondheidsredes[3].

In Suidelike Afrika het volke ook hul dooies begrawe. Dit blyk uit grafte wat opgegrawe is in die Limpopo-streek oa by Thulamela wat in die Pafuri-streek in die Kruger Nasionale Park geleë is. Hierdie grafte dateer uit die 15e en 16e eeu en hou moontlik verband met die Zimbabwe-kultuur[4].

'n Liggaam, waarskynlik van koninklike afkoms omdat daar 'n goue armband by was, is gevind in 'n geflekseerde posisie met die hande bymekaar volgens die Venda-tradisie. Gewoonlik was daar ook 'n aantal grafgoedere in die graf. Klippe is dikwels oor die liggaam gepak om die gemeenskap waarin hy gelewe het teen sy gees te beskerm[5].

## Vandag

In die literatuur word na ons tyd verwys as die postmoderne tyd. Die moderne tyd word grofweg beskou as die tyd van die Franse rewolusie tot die val van die Berlynse muur in 1989.

Onlangse studies toon dat kremasie steeds meer populêr raak in digter bevolkte lande. Die Internasionale Kremasie Federasie beweer dat 75% van mense in Japan, 57% Britte en ietwat minder Skandinawiërs en Switsers gekremeer word.

Kremasie is tans toelaatbaar hetsy deur wet of tradisie onder 'n driekwart van die wêreldbevolking.

Teen 1980 is egter slegs 5% van Amerikaners per jaar gekremeer. Hier kom dit veral in digbevolkte stede en onder die hoër klas van die bevolking voor. Die aantal is waarskynlik laer weens godsdienstige redes en ook uit vrees vir die vernietiging van enige bewyse na die dood van die persoon tydens kremasie. Na kremasie is daar geen bewys meer oor indien daar 'n misdaad teen die dooie begaan is nie. Verskeie wetlik vereiste vorms moet ingevul word alvorens iemand gekremeer kan word. Die liggaam moet vry van enige suspisie van moord of misdaad wees.

Baie min etici skenk vandag aandag aan die etiek by die hantering van die menslike liggaam[6]. Het die persoon na sterwe 'n lyk, 'n iets , 'n ding geword? Was Plato tog reg dat die siel uit die liggaam bevry moes word, dat die liggaam slegs 'n voertuig van die siel was, 'n weggooiverpakking na die dood? Kan daar gepraat word van respek vir die menslike liggaam? Op mediese skool dissekteer ons die menslike liggaam; ons doen lykskouings en orgaanoorplantings. Dit gebeur met die nodige respek. Die gevaar bestaan dat ons die liggaam begin beskou as 'n stuk masjinerie.

Vandag kom 'n sterk pleidooi vir kremasie veral van die kant van die humansime. Die higiëniese en ekologiese rede word vandag gebruik om kremasie te verdedig. Daar is egter ook 'n filosofiese agtergrond wat in die hedendaagse gedagtes oor die dood ingebed lê. Die denke van Plato oor die liggaam as minderwaardig het in die neoplatonisme van ons tyd 'n nuwe oplewing gekry. Verder het die dood 'n taboe geword in ons samelewing. Die dood word nie meer 'gesien' nie. Ons wil liewer so gou moontlik daarvan afstand neem. Die dood het uit die huise na die hospitale verskuif. Doodgaan is as 't ware geïnstitusionaliseer. Verbranding van die liggaam is dan ook die verste wat ons kan wegbeweeg van die dood. Dempsey betreur dit en wys daarop dat die sien van die dooie liggaam en die begrafnis belangrik is vir die rouproses[7].

Daarby wil ons in die postmoderne tyd liewer nie meer aan die ou tradisies van die verlede vashou wat dikwels onder die invloed van die christendom tot stand gekom het nie. Dit verklaar dan ook deels die terugkeer na die praktyke van ons vroegste voorouers

Die Grieke het hul dooies verbrand om so groter vryheid aan die siel te verleen. Die Egiptenare het hul dooies se liggame so goed moontlik bewaar om so die voortbestaan van die siel te verseker. Die Germane het hul dooies verbrand uit vrees vir bedreiging wat deur die sterwe sou kom en om bose geeste te verdryf.

Christene het deur die eeue hul dooies begrawe, agter hul Here aan met die hoop op die opstanding.

In die laaste 150 jaar van die tweede millennium sien ons weer 'n terugkeer na die praktyke van ons vroegste voorouers.

Vir christene is dit egter belangrik om vas te hou aan begrawe van die menslike liggaam soos wat die Bybel ons daarin voorgaan. Die redes vir kremasie, soos die higiëniese rede, die ekologiese rede en andere hou nie stand nie. Vroeër was daar 'n baie groter nood tov higiëne. Wette maak vandag voorsiening vir die verantwoordelike omgaan met die gesondheid van die bevolking en die ekologie as dit kom by begrawing. Wat ons egter wel moet besef, is dat die praktyk van ons dag bepaal word deur hoe ons dink oor die lewe van die mens en die gesag van die Skrif. Die filosowe van die afgelope eeu het groot invloed op die denke van mense en die praktyke wat uiteindelik daaruit voortkom. Dit is naïef om te dink dat die praktyk van kremasie slegs gegrond is op praktiese redes.

---

2 Urquhart HD. Sir Henry Thompson BT, the first English urologist. *British Journal of Urology.* 73(4), 1994:345-351.

3 Bezemer TJ *et al. Oosthoek's geillustreerde encyclopaedie.* Utrecht: A Oosthoek, 2de druk,1925, p. 361.

4 Steyn M *et al.* Late iron age gold burials from Thulamela (Pafuri region, Kruger National Park. *South African Archaeological Bulletin* 53, 1998:73-85.

5 Hanisch EOM. *An archeological interpretation of certain Iron Age sited in the Limpopo/Shashi valley.* Pretoria: University of Pretoria, 1980. (Masters dissertation).

6 Douma J, a.w., p. 139.

7 Dempsey D. *The way we die. An investigation of death and dying in America today.* New York: Macmillan, 1975, p. 178-184.

Ds GJ Meijer – Wonderboompoort

# DIE UITWISSING VAN GOD OP DIE KANSEL

Dit is die titel van 'n boek, geskryf deur Johan Cilliers, uitgegee in 1996. In die inleiding sê Cilliers: *Ek wou hierdie boek nie skryf nie. Op my agenda was eerder iets met 'n titel soos 'Die kuns van prediking'. Die saak waaroor dit gaan, het egter so dringend geword dat dit nie langer ongesê gelaat kon word nie. Ek móés, voor enigiets anders, my hand op papier waag rondom hierdie tema.*

Wat het Cilliers tot die skryf van 'n boek met so 'n titel genoop? Die bestudering van 54 radiopreke, wat woord vir woord op band gesit en noukeurig ontleed is. Sy boek bevat die resultaat van hierdie analises.

Slegs een snit uit 'n enkele radio-preek word uitgelig.

*Veronderstel jy sit Sondag in die kerk of skakel in op 'n radio-uitsending van 'n erediens. Die teks waaroor gepreek word, word voorgelees: 'Eendag toe Jesus in een van die dorpe was, kom Hy 'n man teë wat oortrek was van melaatsheid. Toe die man Hom sien, val hy op die knieë voor Hom en smeek: Here, as U wil, kan U my gesond maak. Jesus steek sy hand uit, raak hom aan en sê: Ek wil. Word gesond! En sy melaatsheid was onmiddellik weg' (Lukas 5:12-13).*

Hierna kom die preek, en dit bevat sinne soos dié:

*Hier sien ons die uitgestrekte Christus-hand: na elke mens, na elke sondaar-mens, elke mens in sy ellende, sy selfverwyt en vertwyfeling. Die Christus-hand is nog nooit teruggetrek nie. En nou is daar 'n spyker-deurboorde Hand, 'n hand van bloed wat Hy tot u en my uitstrek. 'n Hand waarna óns in geloof moet gryp, ten einde verlos te word. Dit wil Hy vir u en my doen, nou! Sy hand wil ophelp, sy Hand wil red, sy Hand wil genees.*

Cilliers stel die kritiese vraag:

*Sou jy sê dit is die evangelie? Die goeie nuus van God se genadige handelinge met ons in Christus?*

*Dit mag op die oog af so lyk.*

*Ons hoor van die hand van Christus – uitgestrek na elke sondaarmens. En tog is daar 'n hemelbreë verskil tussen die Bybelteks en die preek. Lukas 15:12-13 sê dat Jesus gekom het, sy hand uitgesteek en die melaatse man aangeraak het – sonder enige voorwaarde of teenprestasie van die kant van die melaatse, dit wil sê uit genade. Jesus neem die inisiatief en Hy behou dit.*

*Nie so in die preek nie.*

*Hier word die verlossing afhanklik gemaak van 'n voorwaarde: óns moet in geloof óns hand na Jesus toe uitsteek, sy hand "gryp", Hóm aanraak – "ten einde" verlos te word.*

*Wat Jesus gedoen het, word omgebuig tot wat óns moet doen. Nou het Jesus nie meer die inisiatief nie.*

*Die laaste paar sinne van die preek sê:*

*Hy "wil" ons graag ophelp, red, genees ...*

*maar Hy kan blykbaar nie. Hy staan en wag dat óns eers doen wat Hy volgens die Bybelteks reeds gedoen hét.*

Cilliers se slotsom:

*Die preek het Jesus magteloos gemaak.*

'n Skrikwekkende slotsom, wat eweneens in die titel van die boek weerklink. God word verswyg, en dit op die kansel. Nie meer: so sê en doen die Here nie, maar: dit en dat moet die mens doen. Die klem verskuif van die almagtige Skepper na die nietige skepsel. Daarby word God se uitverkiesing, sy onbegryplike welbehae, sy kragtige werking deur die Heilige Gees ten ene male verswyg. Net so God se verbondsbeloftes en -eise.

Hoeveel sulke "preke" word nie aan die kerkvolk voorgehou nie?

Cilliers antwoord:

*Die preeksituasie wat hierbo geskets word, is ongelukkig nie 'n teoretiese geval nie. Dit is so gepreek. En dit word steeds Sondag na Sondag só op ons kansels gepreek. Dit is nie van hoorsê dat ek so sê nie. Dit is van regtig hóór dat ek dit moet sê.*

Cilliers praat as NG-teoloog.

Wat word in Gereformeerde Kerke bevind?

# WAT PREEK ONS: IS DIT CHRISTUS ALLEEN?

Só lui die opskrif bo die Brandpunt-artikel wat in *Die Kerkblad* van 22 September 1999 verskyn het. Die skrywer van die artikel vra die vraag juis na aanleiding van Johan Cilliers se boek.

Hy skryf:

*Ek het nie 'n diepgaande studie van preke en oordenkings van Gereformeerde predikante gemaak nie. Tog hinder dit my in watter mate vele van die preke en oordenkings wat ek al wel gelees of gehoor het, mank gaan aan indringende Christusverkondiging.*

*Dikwels kry dit wat óns moet doen – óns liefde, óns dankbaarheid – die hoofklem en word daar glad nie gesê hóé (deur Christus alleen) ons lief kan wees vir mekaar nie.*

Hy skryf verder:

*Predikante is soms verbaas daaroor dat hulle preke so min effek het. Sommige voel selfs: Dit help nie om mense te bepreek nie. Ons sal na ander metodes moet kyk om nuwe lewe in die kerk te blaas, word gedink.*

*Tog sal ons onsself moet afvra: Lê die diepste oorsaak van die doodsheid in die kerk nie miskien juis in die feit dat ons Hom wat die lewe is (Johannes 14:6), nie meer verkondig of genoegsaam verkondig nie? Is ons prediking nog 'n oproep om te kom na die lewende Steen wat aan die ander stene lewe gee (1 Petrus 2:4-5)?*

Die Brandpunt-skrywer sluit sy artikel af:

*Christus-prediking is 'n prediking wat God ten hoogste verheerlik, want dit erken: ons heil is slegs God se werk in sy Seun. Dit is ook 'n prediking wat die mens ten diepste verneder, want dit leer:*

*sonder God kan ons niks doen nie. Dit is 'n verkondiging wat nie na die mens is nie (Galasiërs 1:1) en daarom ook weerstand sal oproep.*

# DIE HEELAL IS 'N KRISTALBAL . . .

Onder dié titel word 'n dagstukkie van 'n gereformeerde predikant aangebied. Die teks is Filippense 1:9 en10:

'Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees'.

Die dagstukkie het die volgende strekking:

*Dit is baie waardevol om jou siening van sake op die doel en tydskaal van die skeppingstoneel en skeppingskalender te gooi en te meet. Kyk ons met 'n wyehoeklens na 'n tydroosterskaal ten opsigte van die skepping, laat dit jou duisel in die TYD en die HEELAL van God se skepping. Veronderstel dat die astronomiese tydsverloop van 160 miljoen eeue sedert die skeppingsmôre op 'n skaal van één aardse jaar van 365 dae ingedruk word, kry ons die volgende indruk:*

- *As "in die begin het God ... " op Nuwejaarsdag was, is die sonnestelsel teen die tweede helfte van September gevorm.*
- *Die eerste lewensvorme ontstaan in November.*
- *Die dinosourusse van die Karoo floreer en verdwyn rondom Kersfees.*
- *Homo sapiens, die mens, maak sy intrede net-net in die laaste tien minute van Oujaarsnag.*
- *Ons geboortedatum is minder as duisendstes van sekondes voor middernag Oujaarsnag. Dit laat 'n mens dink.*

*... 'n Mens moet dus die wysheid en beskeidenheid hê om te besef dat jy nie al die wysheid in pag het nie. Daarom moet jy ook vra en luister na die insigte van ander en nie jou eie standpunt kategories en weerbarstig aankondig asof dit die jongste nuus uit die hemel is nie. Bid om dié dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Fil. 1:9) en dink weer!*

Gemeet aan Cilliers en die Brandpunt-skrywer se bekommernisse, moet in hierdie geval die volgende kritiese vrae gestel word:

- Tot watter mate word die Skriflig van Filippense 1:9 en 10 in die oordenking uitgestraal – of verduister?
- Wat bly oor van God se openbaring in Genesis 1 en 2?
- Hoeveel nietige menslike "wysheid" (veronderstel, as ... dan), wat niks met die feite of die grootheid van God se skepping te doen het nie, word hier opgelepel?
- Hoeveel Geesvervulde beskeidenheid – dit waarvoor die skrywer pleit – skitter uit sy eie woorde?
- Waar is die verkondiging van God se grootheid en genade in Christus?

Die ontstellende ontdekkings van Johan Cilliers gaan duidelik nie aan Gereformeerde Kerke verby nie!

# DRUK OP PREDIKING

Nie net gereformeerde kerke in Suid-Afrika beleef die krisis van Christus-verswyging nie.

Dr. N.H. Gootjes skryf in *Una Sancta* (18 September 1999), 'n publikasie van die Vrye Gereformeerde Kerke in Australië, oor die druk wat aldaar op die prediking uitgeoefen word.

*Christus se kruisdood herinner ons daaraan dat ons die dood verdien. Bowendien het sy kruisdood die konnotasie van kriminaliteit, veroordeel-wees en pynlike straf. Dit is nie 'n evangelie wat mense bepaaldelik gelukkig en vol vreugde maak nie. Dit moet die mees onaantreklike van alle boodskappe wees. Paulus skrywe nie verniet dat die 'woord van die kruis dwaasheid is vir die wat verlore gaan' (1 Korintiërs 1:18) nie. Dit is geen wonder dat min mense na die kruisprediking wil luister nie.*

*Mense wil eerder na andersoortige boodskappe luister. Daar is baie moontlikhede vir meer aantreklike boodskappe.*

- *Die een is die evangelie van voorspoed. Die verkondiging konsentreer nie op die kruis nie, maar op allerlei aardse seëninge – soos goue stopsels in jou tande. Dit is 'n optimistiese evangelie waarin ongekende vooruitgang, gesondheid en rykdom belowe word. 'n Bemoedigende evangelie in 'n tyd wat mense begaan is oor gesondheid en 'n goeie voorkoms.*
- *'n Tweede voorbeeld van 'n variasie op die kruis is die evangelie van medelye en ondersteuning. In die kerk word verhale vertel van mense in die mees haglike omstandighede. Beeldmateriaal word toegevoeg om die ellende duideliker uit te stal. Die luisteraars word opgeroep om die armes in die wêreld te help. Om niks te doen nie, laat 'n mens goedkoop en nutteloos voel. Maar om te kan help, laat die gewer goed voel. 'n Evangelie word verkondig waarin mense geleer word dat hulle iets aan die seer van die wêreld kan doen wat meer effektief en aantreklik is as die evangelie van die gekruisigde Christus.*
- *'n Derde bedreiging vir die evangelie kom vanaf die vermaaklikheidwêreld. Diegene wat die prediking hoor, is dieselfde mense wat luister na radio-uitsendings en televisie-programme. Professionele media-kunstenaars ontdek daagliks nuwe metodes om mense se aandag vasgevang te hou. Predikante ervaar druk om populêre aanbieders van die christelike boodskap te word. Maniere wat aandag trek (en behou) oor die radio en TV, word ook op die preekstoel aangewend. Binne so 'n konteks werk dit nie goed om te fokus op mense se persoonlike sondes nie. Die kruis van Christus is nie nuut nie. Kerkmense van vandag wil nie oor en oor dieselfde hoor nie. Hulle kyk uit na 'n ander prediker in die omgewing, iemand wat beter kommunikeer en 'n meer optimistiese siening oor die lewe het. Mense verander net so maklik van kerk soos wat hulle van een TV-kanaal na 'n ander een oorskakel.*

Wat dr. Gootjes skryf, is nie nuut nie. Die apostel Paulus het ook daarmee te doen gehad. Weerstand teen die diepgaande, troosvolle, verlossende, eenvoudige maar tegelyk unieke en alles opeisende kruis-evangelie sal daar altyd wees. Teen die agtergrond van alles wat hierbo vermeld is, word dit egter beklemmend dat dié weerstand ook in gereformeerde kringe voorkom. God word op die kansel verswyg. Christus word nie meer verkondig soos dit moet nie. Waarom nie? Is dit nie omdat die woord van die kruis dwaasheid geword het vir menige moderne mens (ook teoloog) nie?

Dié antwoord:

'Maar vir ons wat gered word, is die woord van die kruis die krag van God' (1 Korintiërs 1:18).

En 'n woord aan elke evangelie-bedienaar:

'Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.'